

Demokrasie en demokratisering in Afrika: Deel 2

Die belangrikste faktore wat substantiewe oorgang belemmer

Chris Nelson

Chris Nelson: Navorsingsgenoot, Fakulteit Krygskunde, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

In Deel 1 van hierdie artikel is agtergrondinligting verskaf ten aansien van die konsepte *demokrasie* en *demokratisering*, asook die teoretiese benadering wat gevolg sal word. Verder is klem gelê op 'n breë oorsig van Afrika se politieke ontwikkeling gedurende die prekoloniale, koloniale en postkoloniale tydperke, asook die huidige stand van demokrasie op die vasteland. In die lig daarvan dat die aangehaalde statistiek daarop dui dat die oorgang na 'n demokratiese owerheidsvorm regoor Afrika nie as 'n suksesverhaal van betekenis beskryf kan word nie, sal in Deel 2 van die artikel 'n bespreking gewy word aan die belangrikste politieke-kultuur-, politieke-elite-keuse- en makrostrukturele faktore wat substantiewe oorgang belemmer. Soos in die inleiding vermeld sal, waar van toepassing, ook aangedui word op welke wyse sommige van hierdie faktore die demokratiese konsolideringsproses in kontemporêre Suid-Afrika beïnvloed.

Trefwoorde: demokrasie; demokratisering; demokratiese konsolidasie; burgerlike samelewing; politieke kultuur; politieke elite; etnisiteit; neopatrimonialisme; mediavryheid; sosio-ekonomiese ontwikkeling

Abstract

The most important factors impeding substantive transition

The end of the eighties not only witnessed the demise of Marxist-Leninist authoritarianism in the former Soviet Union and its Eastern European satellite states, but also heralded the arrival of liberal democracy as the triumphant form of government. As this new wave of democracy engulfed the international system scores of states threw off the authoritarian yoke and by adopting new democratic constitutions and holding free and fair elections, took their rightful positions in the international community. This new wave of democracy also swept over the African continent. After decades of suffering under dictatorial regimes of almost every imaginable type, most African societies embarked hopefully on the new promising road to democracy and freedom.

The enthusiasm generated by the process of democratisation in Africa is evidenced by the fact that between 1990 and 1994 no fewer than 38 multiparty elections were held throughout the continent. Even the National Party government in South Africa made the momentous decision to abandon its policy of apartheid in favour of a negotiated settlement and the establishment of an inclusive democracy. This radical departure from a policy on which the party had remained steadfast since 1948 and which had motivated the African National Congress (ANC) to embark on a campaign of armed resistance during the 1960s is generally regarded as one of the most dramatic and significant developments in the African democratisation process.

However, in sharp contrast with the rest of the world, where the process of democratisation had been initiated and consolidated with a great measure of success, the process on the African continent met only with meagre results. In actual fact, after more than 20 years of democratisation only the small island state of Mauritius is presently regarded as a fully-fledged democracy in Africa. The remaining 53 states, including South Africa, are classified as flawed democracies or as hybrid or authoritarian systems. With the exception of the Middle East, Africa still remains the most undemocratic and poorly governed region in the world. Understandably, the process of democratic transformation in Africa has been described by H. Kwasi Prempeh as transition without change.

The purpose of this article is to identify, by means of a literature study, the political culture factors, the political elite choice factors and the macrostructural factors that were responsible for the fact that the democratisation process initiated during the early 1990s in Africa did not deliver more substantial results. Where applicable the impact of these factors on the process of democratic consolidation in contemporary South Africa will also be highlighted.

In order to provide the necessary background this article first elaborates briefly on the concepts *democracy* and *democratisation*. Such an analysis is deemed vital because of the many misinterpretations that specifically surround the concept democracy as well as the various significant theoretical contributions that have appeared regarding the process of democratisation.

Secondly, the main democratisation theories as well as the theoretical approach on which this article is based are outlined. Rather than selecting a specific approach from among the existing democratisation theories, an eclectic or integrative approach is followed.

Thirdly, a brief overview of the political history of the African continent is presented. The structures and experiences to which African societies were exposed during the pre-colonial, colonial and post-colonial periods were of such a nature that current political problems, attitudes, values, beliefs, policies and structures can be fully understood only if viewed in historical context.

Fourthly, the current state of democracy in Africa is outlined. It has already been indicated that the state of democracy on the continent leaves much to be desired. However, authoritative figures regarding this matter will demonstrate just how severely the democratisation process was actually affected by the factors discussed here.

As stated in the purpose, the main focus of this article will be to identify the political culture factors, the political elite choice factors and the macrostructural factors that underlie the problematic nature of the democratisation process in Africa.

Regarding the political culture factors the following are addressed: Firstly the existence of a subject political culture in combination with parochial political orientations. In order to determine what type of political culture best sustains a democratic system of government, political scientists draw a distinction between participatory, subject and parochial cultures or a combination of these cultures referred to as a civic culture. In Africa the process of democratic transformation in most states is hampered by a subject political culture in combination with parochial political orientations, mainly as a result of the process of democratisation of disempowerment.

The second political culture factor obstructing democratisation in Africa is the existence of underdeveloped and poorly organised civil society organisations. These associations and organisations are not only incapable of protecting the private interests of ordinary citizens but are also unable to keep a check on the activities of government. Even though an upswing in the establishment of new civil society organisations has been noticeable in recent times, civil society in general remains weak and poorly organised in most states.

With reference to the political elite choice factors the first that is dealt with is the continued concentration of political power in the hands of the executive, especially the president. This phenomenon is perhaps the most serious threat to the successful consolidation of democracy in Africa because it is directly responsible for the widespread occurrence of the corrupt practices associated with neopatrimonialism, prebendalism and the so-called imperial presidency. In terms of these practices the formal architecture of a democratic state – legislation restricting governmental action, constitutions, the rule of law, written and unwritten rules and customs – is combined with the informal reality of personal and arbitrary exercise of power by the creation, using public funds, of an elaborate system of patron-client relationships stretching from the president down to the lowest levels of officialdom as well as the ordinary citizens.

The second political elite choice factor negatively affecting democratisation in Africa is the failure of political parties to act as democratising agents. It is widely accepted by scholars that most political parties on the continent are inefficient vehicles of democracy because they are, *inter alia*, plagued by a democratic deficit; suffer from bureaucratic-oligarchic syndrome (BOS); are sustainable only on the elite level; are based on ethnic and regional loyalties; and are interested in power only in order to utilise the resources and personnel of the state for selfish purposes.

The third political elite choice factor regarded as a hindrance to democratisation in Africa is the widespread infringement on media freedom. Throughout the democratic world it is accepted that freedom of the media is the lifeblood of any democratic system. However, in most African states the ruling elites purposefully try to manipulate the free flow of information. This desire by the leadership to stifle public opinion appears to be so strong that freedom of the media is regularly curtailed, even on the pretext that such action is in the public interest or necessary to protect national security or promote rapid economic development.

The fourth political elite choice factor inhibiting successful democratic consolidation in Africa is the deliberate dismantling of separation between state and ruling party. In most states it is difficult to determine the boundary between party and state. This state of affairs can best be explained by the widespread incidence of dominant party systems as well as the assumptions on which the main types of political parties in Africa are based. Of special

significance regarding the latter are the attempts by revolutionary and left-wing parties to deliberately create so-called party states.

Regarding the macrostructural factors, the following are important: Firstly, the low levels of socio-economic development in almost every African state. Modernisation theorists are unanimous in their belief that for a democratic system to survive it needs high levels of socio-economic development. However, when surveying the African continent it is noticeable that it is the only region in the world that has become poorer over the past 25 years. Widespread poverty is perhaps the most salient characteristic of every African society. Indicative of the dire situation is the fact that only two of the 54 states on the continent are not included in the lowest third of the Human Development Index (HDI) of the United Nations Development Program (UNDP).

The second macrostructural factor inhibiting democratic transition is the incidence of conflict and violence occurring in many states. In terms of democratic peace theory the establishment of a democratic system of government should bring about a more peaceful society. However, in Africa this does not happen. On the contrary, conflict and violence in and among states are still evident despite the democratisation process. It even appears as if the democratisation process itself is generating conflict and violence.

The third macrostructural obstacle in the way of successful democratic consolidation in Africa is the divisive influence of ethnicity. According to observers politicised ethnic relations and the politics of ethnic mobilisation are not only the main sources of conflict in Africa since independence, but also the main stumbling-block in the socio-economic development of most states. Indicative of the divisive effects of ethnicity in the political life of many African states is the formation of ethnically inspired opposition movements, guerrilla insurgencies and separatist movements. In extreme cases ethnicity has even led to the partitioning of states and acts of genocide.

Key words: democracy; democratisation; democratic consolidation; civil society; political culture; political elite; ethnicity; neopatrimonialism; media freedom; socio-economic development

1. Die politieke-kultuur-faktore

1.1 Die bestaan van 'n onderworpe politieke kultuur in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies

Politieke kultuur word deur politieke wetenskaplikes beskryf as die patroon van oriëntasies of ingesteldhede van 'n samelewing jeens politieke objekte soos partye, regerings en die grondwet en uitgedruk in oortuigings, simbole en waardes. *Politieke kultuur* verskil van *openbare mening* deurdat dit gevorm is uit lang-gekoesterde waardes en gebruike eerder as mense se reaksies op spesifieke beleidsrigtings, gebeure en probleme (Heywood 2002:200).

In 'n poging om die politieke kultuur te identifiseer wat as die mees geskikte beskou word om 'n demokratiese politieke bestel te onderhou, het Almond en Verba (1989:1–29) drie

algemene tipes geïdentifiseer, naamlik 'n deelnemende politieke kultuur, 'n onderworpe politieke kultuur en 'n parogiale politieke kultuur (parogialisme).

'n Deelnemende politieke kultuur word gekenmerk deur staatsburgers se belangstelling in politieke prosesse en waar populêre deelname as sowel wenslik as effektief beskou word. Die burgery is positief georiënteer teenoor die politieke stelsel as geheel, dit wil sê sowel die politieke as die administratiewe strukture. 'n Deelnemende politieke kultuur word normaalweg vereenselwig met 'n demokratiese politieke stelsel.

In 'n onderworpe politieke kultuur is die burgery bewus van die sentrale regering en die rol wat belangrike akteurs en instellings daarin speel. Daar is egter weinig populêre deelname aan die regeerproses, aangesien die politieke en administratiewe strukture nie die belange van die burgery op die hart dra nie en die samelewing meestal swaar gebuk gaan onder hul besluitneming. Die burgery voel onmagtig om op te tree, omdat hul nie oor die ruimte of middele beskik om tot verzet oor te gaan nie. 'n Onderworpe politieke kultuur word geassosieer met die bestaan van 'n gesentraliseerde outoritêre politieke struktuur.

Die kenmerke van parogialisme, daarenteen, is die afwesigheid by die burgery van 'n burgerskapsgevoel; 'n afsydigheid teenoor die nasionale politieke proses en 'n voorkeur om eerder met plaaslike instellings te identifiseer. 'n Parogiale politieke kultuur val saam met die bestaan van 'n tradisionele politieke stelsel.

Ofskoon Almond en Verba (1989:29-30) die feit aanvaar dat 'n deelnemende politieke kultuur die enigste tipe kultuur is wat ware demokrasie moontlik maak, het hulle ook vorendag gekom met die konsep van 'n burgerkultuur (*civic culture*). 'n Burgerkultuur is 'n kombinasie van bogemelde drie politieke kulture. Die uitstaande kenmerk daarvan is die rasonale deelname deur die burgery aan die politieke proses, maar dit word gekombineer met onderworpe en parogiale oriëntasies. In 'n burgerkultuur bestaan die drie politieke kulture dus in balans met mekaar. Almond en Verba (1989:30) benadruk die feit dat in 'n burgerkultuur deelnemende politieke oriëntasies nie onderworpe en parogiale oriëntasies vervang nie, maar slegs daarmee kombineer.

In die lig daarvan dat, soos hier onder aangedui sal word, (i) die gesentraliseerde unitêre staat die dominante verskynsel in Afrika is, (ii) die politieke elite mag grootliks in hul hande gesentreer het, en (iii) die burgery as gevolg daarvan swaar gebuk gaan onder regeringsbesluite, kan, met enkele uitsonderings, die politieke kultuur in die meeste samelewings regoor die vasteland as 'n onderworpe kultuur beskryf word. Na aanleiding van die feit dat politieke oriëntasies wat met parogialisme in verband gebring kan word, onder bepaalde segmente van samelewings steeds voorkom, kan verder verklaar word dat die onderworpe politieke kultuur in talle gevalle in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies voorkom.

Waarskynlik is die beste illustrasie van, en verklaring vir, die voorkoms in Afrika van 'n onderworpe politieke kultuur in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies te bespeur in die huidige klasseverdelings in die meeste samelewings. Schraeder (2004:112-6) wys daarop

dat alhoewel navorsers verskil oor die terminologie vir die verskillende klasse waaruit samelewings in Afrika bestaan, almal dit met mekaar eens is oor die bestaan van die volgende vier breë kategorieë:

- Die buitelandse bourgeoisie, bestaande uit die metropolitaanse bourgeoisie (die politieke en sakeleiers uit hoofsaaklik die voormalige koloniale moondhede met belange in individuele state) en die plaaslike buitelandse bourgeoisie (buitelanders wat in individuele state woon en werk).
- Die plaaslike bourgeoisie, wat opgedeel kan word in die politieke bourgeoisie (die politieke elite), die burokratiese bourgeoisie (die boonste lae van die amptenary), die handelsbourgeoisie (die leidende sakelui) en die *petty bourgeoisie* (die laer middelklas, soos handelaars, onderwysers, soldate en laer orde staatsamptenare).
- Die proletariaat, bestaande uit die stedelike werkersklas, wat 'n maandelikse of uurlikse loon verdien, en die stedelike werkloses (ook genoem die lumpenproletariaat).
- Die grootste klassegroepering, die kleinboere (*peasantry*). Die kleinboere is op die platteland woonagtig, produseer voedsel vir eie gebruik en kan, sou die omstandighede dit noodsaak, onafhanklik van die heersende politieke bestel funksioneer.

Dit is bekend dat klassekonflik binne die plaaslike bourgeoisie (die elite) tot dusver 'n uiters nadelige uitwerking op nie alleen die demokratiseringsproses gedurende die jongste golfbeweging gehad het nie, maar ook tot verdere passiwiteit deur die proletariaat en kleinboere gelei het. Volgens Sklar (2004:334) het die demokratiese veelpartyverkiesings waarmee gedurende die negentigerjare van die vorige eeu regoor die vasteland begin is, bloot tot 'n proses van demokratisering van ontmagtiging aanleiding gegee. Dit is 'n proses waar nuutgevestigde veelpartystelsels dit vir roterende en kompeterende klassefaksies in die plaaslike bourgeoisie moontlik gemaak het om die proletariaat en die kleinboer uit te buit, vir magspolitiese doeleindes te manipuleer of van die politieke proses uit te sluit .

Teen die agtergrond van bostaande heers daar min twyfel dat die bestaan van 'n onderworpe politieke kultuur in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies in Afrika-samelewings in verband gebring kan word met die feit dat die demokratiseringsproses waarmee aan die begin van die negentigerjare begin is, nie as 'n suksesverhaal van betekenis beskryf kan word nie. Van besondere illustratiewe waarde is die aanduiding in die demokrasie-indeks wat in 2011 deur die Economist Intelligence Unit (2011:27) opgestel is, dat Suid-Afrika as 'n gebrekkige demokrasie geklassifiseer is primêr op grond van die vlak van politieke deelname en demokratiese politieke kultuur. Gumede (2010) is 'n soortgelyke mening toegedaan en wys daarop dat Suid-Afrika enorme uitdagings in die gesig staar namate daar oorgeskakel word van 'n politieke kultuur eie aan 'n bevrydingsbeweging na 'n demokratiese politieke kultuur. Volgens hom is talle Suid-Afrikaanse burgers besig om hul van die politieke proses te onttrek. Sommige het selfs daartoe oorgegaan om hul toevlug tot geweld te neem ten einde hul ontevredenheid te kenne te gee, terwyl andere bloot deur 'n gees van sinisme oorval is.

Volgens Diamond (2007:5) is daar egter die afgelope aantal jare tekens dat 'n toename in populêre betrokkenheid by politieke prosesse besig is om in talle state plaas te vind. Hy wys

daarop dat terwyl daar tussen 1960 en 1990 slegs een president in Afrika tydens 'n verkiesing uit die kussings gelig is, tussen 1990 en 2005 dienende presidente in een uit elke sewe verkiesings die onderspit gedelf het. Dit wil egter voorkom asof Diamond se waarneming bloot op 'n tydelike neiging in die rigting van 'n burgerlike politieke kultuur was. Getuienis dat dit inderdaad die geval was, blyk uit onlangse resultate van twee demokrasie-indekse: (i) die demokrasie-indeks wat in 2011 deur die Economist Intelligence Unit (2011:27) opgestel is, waarvolgens die ergste demokratiese agteruitgang (*democratic slippage*) tussen 2008 en 2011 spesifiek in die kategorie vir deelnemende demokratiese politieke kultuur voorgekom het; en (ii) die Mo Ibrahim-indeks vir 2011, wat aantoon dat beduidende agteruitgang reeds sedert 2006 plaasgevind het ten aansien van politieke deelname in 39 state (Politicsweb 2011).

1.2 Die bestaan van onderontwikkelde en ongeorganiseerde burgerlike samelewings

Burgerlike samelewing word deur Bratton (1994:2) gedefinieer as die sfeer van sosiale interaksie tussen die huishouding en die staat en manifesteer as vorme van gemeenskapsamewerking, strukture van vrywillige assosiasie en openbare kommunikasienetwerke. Volgens Heywood (2002:8) is die instellings wat die burgerlike samelewing vorm, soos politieke partye, vakbonde, vrouebewegings, jeuggroepe, godsdienstige, kulturele en kommersiële instellings, “privaat” omdat hulle deur individuele burgers in die lewe geroep en gefinansier word om hulle besondere belange te dien. Die instellings van die staat, daarenteen, is van “openbare” aard omdat hulle verantwoordelik is vir die kollektiewe organisering van die gemeenskapslewe ten behoeve van alle staatsburgers.

Alhoewel dit belangrik is om die onderskeid tussen private en openbare sfere te tref, wys Bratton (1994:4–5) egter daarop dat noue wisselwerking tussen die staat en die burgerlike samelewing onontbeerlik is en dat die een nie suksesvol sonder die ander kan bestaan nie. Ter illustrasie meld hy dat private kommersiële instellings nie kan bestaan sonder 'n effektiewe staat wat verbind is tot 'n vryemarkekeonomie nie; dat ander private instellings geen hoop op voortbestaan het as die staat nie politieke stabiliteit, regsowereniteit en essensiële dienste verseker nie; en dat kommunikasienetwerke nie ten volle kan ontwikkel as die staat nie vryheid van spraak erken en waarborg nie. Die staat kan op sy beurt ook nie voortbestaan sonder die burgerlike samelewing nie. Bratton (1994:9) beklemtoon dat die legitimiteit van politieke leiers se aanspraak op staatsmag deur die burgerlike samelewing bepaal word, terwyl Diamond (1997:6) aantoon dat die burgerlike samelewing tegelykertyd die staat beperk en legitimeer indien die staat op regsowereniteit gebaseer is.

Ten aansien van die demokratiseringsproses in 'n staat is die rol wat die burgerlike samelewing speel, van kritieke belang. Bratton (1994:9–10) verwys na drie aanvraagverwante aktiwiteite (*demand-related activities*) waar die burgerlike samelewing 'n belangrike rol speel. Eerstens verbreed die burgerlike samelewing deelname aan die openbare lewe deur gemarginaliseerde groepe soos die armes, vroue en minderhede. Tweedens beskerm instellings in die burgerlike samelewing die burgery teen arbitrêre handeling deur

die staat deur as 'n buffer teen uitbuiting te dien en korrupsie en menseregtevergye te monitor. Derdens help die burgerlike samelewing om verantwoordbaarheid te verseker deur die burgery se voorkeure te kommunikeer en te verteenwoordig en daaroor te onderhandel.

Wanneer die verhouding tussen staat en burgerlike samelewing gedurende die postkoloniale era in Afrika bestudeer word, blyk dit dat daar nie werklik sprake was van enige betekenisvolle verhouding nie. Die gesentraliseerde regeringstelsels wat na onafhanklikwording gevestig is, het slegs een doel voor oë gehad, naamlik om daardie elemente in die burgerlike samelewing wat tot die suksesvolle stryd om bevryding en onafhanklikheid bygedra het, te koöpteer of, in die geval van kritiek en weiering tot verdere samewerking, die swye op te lê of hul voortbestaan te beëindig (Schraeder 2004:177).

Terwyl regerings oor die algemeen suksesvol was in die realisering van hierdie oogmerke, het daar teen die tagtigerjare egter 'n herlewing van instellings in burgerlike samelewings ingetree. Instrumenteel hierin was twee gebeure: aan die een kant die ekonomiese krisis waarin alle state op die vasteland beland het en hul onvermoë om die burgery se belange te dien baie duidelik gedemonstreer het, en aan die ander kant die beëindiging van die Koue Oorlog met die val van die Berlynse Muur, wat tot 'n wêreldwye demokratiseringsproses aanleiding gegee het.

Anders as wat die verwagting was, is die instellings in die burgerlike samelewing nie deur die demokratiseringsproses die geleentheid gegun om te ontwikkel nie. Die rede hiervoor was die sentralisering van mag op wyses wat nie voorheen bestaan het nie. Die onvermydelike gevolg hiervan was die geleidelike dreinerings van mag en invloed uit die burgerlike samelewing. Soos gedurende die postkoloniale periode was die metodes wat gebruik is om alternatiewe vorme van politieke mobilisasie se mag te dreineer, óf koöptasie óf eliminasië. Die oorgang na demokrasie het dus ook hier geen verandering meegebring nie.

'n Aspek wat, volgens Young (2004:315), dikwels uit die oog verloor word wanneer die rol van die burgerlike samelewing in die politieke prosesse van die nuwe demokratiserende state in Afrika ontleed word, is die feit dat nie alle instellings inherent demokraties is nie. Hy wys daarop dat terwyl talle instellings op vroeëre stadiums wel sterk druk op outoritêre leiers uitgeoefen het om met liberaliseringsprogramme vorendag te kom, dieselfde instellings met verloop van tyd 'n totale ommekeer gemaak het ten gunste van 'n outoritêre benadering.

Alhoewel Diamond (2007:6) erken dat burgerlike samelewings in die meeste state in Afrika onderontwikkeld en ongeorganiseerd is, wys hy daarop dat daar gedurende die afgelope aantal jare wel aanduidings is van 'n vernuwende tendens. Volgens hom is daar etlike belangegroepes wat na vore getree het en hulle daarop toespits om demokrasie en goeie staatsbestuur in Afrika te bevorder. In hierdie verband verwys hy na die ontstaan van regsverenigings, menseregte-organisasies, vrouebewegings, opvoedkundige verenigings, verkiesingsmoniteringsnetwerke en ontwikkelingsorganisasies.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat ten spyte daarvan dat hierdie jongste ontwikkelings as positief beskou word, Salih en Nordlund (2007:21) daarop wys dat sterk en georganiseerde

burgerlike samelewings in die meeste state in Afrika nog nie 'n realiteit is nie. Die gevolg hiervan is dat die korruptiewe praktyke wat met neopatrimonialisme in verband gebring kan word, voortduur tot ernstige nadeel van die demokratiese konsolideringsproses. Leon (2010:5) beweer selfs dat state in Afrika oor van die swakste burgerlike samelewings beskik en dat dit die kwaliteit en deursigtigheid van elke staat en sy instellings negatief affekteer. Labuschagne (2003:1, 20) het in sy soeke na antwoorde waarom die burgerlike samelewing in Afrika nie daarin kon slaag om 'n groter rol in die demokratiseringsproses te speel nie, ook die blaam op outoritêre regerings en hul geneigdheid tot magsentralisering geplaas.

2. Die elite-keuse-faktore

2.1 Die voortgesette konsentrasie van mag in die hande van die uitvoerende gesag (president)

In die definisie van *demokrasie* in Deel 1 is aangetoon dat die verdeling van regeringsmag tussen die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag een van die pilare is waarop 'n demokratiese bestel rus. Die grondslag daarvan is reeds in die 18de eeu deur die Franse filosoof Montesquieu (1689-1755) gelê (Lowenthal 1972:487). Ingevolge die *trias politica*-doktrine is die doel met die verdeling van regeringsmag van tweërlei aard, naamlik om vryheid te verseker en tirannie te vermy. 'n Interessante aspek van die *trias politica*-leerstelling is die feit dat die drie regeringsvertakkings tegelyk onafhanklik van mekaar en op 'n interafhanklike wyse moet funksioneer. Onafhanklikheid impliseer dat daar geen oorvleueling van personeel tussen die drie regeringsvertakkings sal wees nie, terwyl die werking van die politieke wigte en teenwigte slegs binne 'n stelsel van interafhanklikheid tussen die drie sferes moontlik is (Heywood 2002:315).

'n Verdere belangrike aspek wat met die besondere doktrine verband hou, is die oppergesag van die regbank. Ingevolge die beginsel van geregtelike hersiening kan die regsprekende gesag die wette, dekrete en optredes van die ander twee regeringsvertakkings ongeldig verklaar. Hierdie beginsel vloei voort uit die bestaan van 'n gekodifiseerde grondwet wat aan die regbank die mag verleen om optredes ongeldig te verklaar indien sodanige wette, dekrete en optredes in stryd met die grondwet sou wees (Heywood 2002:306). Nou verwant hieraan is ook die beginsel van regsoewereiniteit (*rule of law*). Die beginsel kom daarop neer dat die samelewing regeer sal word deur algemene regsbeginsels en nie deur arbitrêre besluitneming deur die uitvoerende gesag nie; dat die regbank onafhanklik van die wetgewende en uitvoerende gesag sal funksioneer; en dat alle burgers in die oë van die regbank gelyk is (Kotzé en Van Wyk 1986:117).

Wanneer die postkoloniale politieke ontwikkeling van state in Afrika bestudeer word, is dit opvallend dat die dieldelingsleer en die beginsels wat dit ten grondslag lê, nie nougeset deur die politieke elite toegepas of gerespekteer is nie. Alhoewel die meeste leiers hul ná onafhanklikheid onomwonde tot demokrasie en demokratiese regering verbind het, is die

verdeling van mag tussen verskillende organe van die regering in die praktyk sistematies afgetakel en is mag toenemend in die uitvoerende gesag gesentreer.

Volgens Schraeder (2004:177) kan die oorsprong van hierdie negering van fundamentele demokratiese doktrines in Afrika gedurende die postkoloniale tydperk teruggevoer word na die politieke leierskap se hantering van die uitdaging wat die “paradoks van hoë verwagtinge en minimale vermoëns” daargestel het. In navolging van regeerpraktyke soos toegepas gedurende die prekoloniale en koloniale tydperke het die politieke elite besluit om hierdie uitdaging die hoof te bied deur magskonsentrasie. Van die belangrikste maatreëls wat deur die leiers in hierdie verband getref is, is volgens Schraeder (2004:178–85): (i) die Afrikanisering van die staatsinstellings; (ii) die drastiese vergroting van die sentrale burokrasieë; (iii) die aftakeling van institusionele wigte en teenwigte; (iv) die koöptering, onderdrukking of eliminerings van instellings in die burgerlike samelewing; (v) die grootskaalse uitbreiding van die gewapende magte; en (vi) die skepping van persoonlike heersersnetwerke.

Bogemelde maatreëls, tesame met die wydverspreide voorkoms van korrupsie, wanbestuur, hoë internasionale oliepryse, nasionalisering van belangrike sektore van die ekonomie, enorme buitelandse skuld, en lae vlakke van buitelandse investering, het uiteindelik daartoe gelei dat groeikoerse in die meeste state dramaties gedaal het. Teen die laat tagtigerjare van die vorige eeu was haas elke nuwe staat in Afrika vasgevang in ’n ekonomiese krisis en nie in staat om in die noodsaaklike maatskaplike behoeftes van die samelewing te voorsien nie (Schraeder 2004:188–9).

Dit is teen hierdie agtergrond dat, na die verval van Marxisties-Leninistiese totalitarisme, die derde demokratiese golfbeweging in die internasionale stelsel ontstaan het. As gevolg van Afrika se postkoloniale geskiedenis van outoritarisme en vergrype teen menseregte sou geen staat hierdie epogmakende verwikkelings vryspring nie. Aangespoor deur hulp, steun en politieke druk uit die Westerse demokrasieë het talle state met ’n demokratiseringsproses begin. Die omvang van die proses blyk duidelik as in gedagte gehou word dat tussen 1990 en 1994 nie minder nie as 38 veelpartyverkiegings, waarvan 29 as stigtingsverkiegings beskou word, regoor die vasteland plaasgevind het (Schraeder 2004:228–9). Bratton en Van de Walle (1997:3) beskou die demokratiseringsproses wat tussen 1990 en 1994 plaasgevind het, as die mees ingrypende en omvangryke regimeveranderingsproses sedert die toekenning van politieke onafhanklikheid gedurende die sestigerjare.

Die talle veelpartyverkiegings het egter nie beteken dat state in Afrika al die fases van die demokratiseringsproses voltooi het nie. Volgens Barkan (2009:3) is Afrika na meer as twee dekades sedert daar met die proses begin is, met die uitsondering van die Midde-Ooste, steeds die mees ondemokratiese streek in die wêreld. Alhoewel geen staat in Afrika onaangeraak gelaat is deur die demokratiese opswaai gedurende die negentigerjare van die vorige eeu nie, kon weinig state daarin slaag om tot gekonsolideerde demokrasieë te ontwikkel.

Op soortgelyke trant beweer Diamond (2007:1) dat Afrika hom meer as 60 jaar na die begin van die dekolonisasieproses steeds in die “woestyn” bevind betreffende demokratisering en

veral die toepassing van die regsoewereiniteitsbeginsel. Volgens hom is die politieke stryd in Afrika steeds 'n wedywing tussen die oppergesag van die reg en die oppergesag van die persoon (Diamond 2007:8). Saam met talle ander navorsers huldig hy ook die siening dat Afrika, naas die Midde-Ooste, die mees korrupte en swaks-geregeerde streek ter wêreld is. Ter illustrasie wys hy daarop dat state in Afrika swak vaar ten aansien van al ses vereistes wat deur die Wêreldbank Instituut ontwikkel is om 'n staat se kwaliteit van regering te meet. Die vereistes is verantwoordbaarheid; politieke stabiliteit en afwesigheid van geweld; regeringseffektiwiteit in openbare administrasie en lewering van openbare dienste; kwaliteit van regeringsregulering ter ontwikkeling van die privaatsektor; regsoewereiniteit; en uitskakeling van korrupsie (Diamond 2007:2).

In sy soeke na antwoorde waarom die meeste state in Afrika, na langer as 'n halwe eeu van onafhanklikheid en twee dekades se blootstelling aan 'n demokratiseringsproses, steeds geteister word deur armoede, korrupsie, stagnasie, hongersnood, geweld, ontwinging en outoritarisme, kom Diamond (2007:2) tot die gevolgtrekking dat hierdie toestand nie aan 'n gebrek aan hulpbronne toegeskryf kan word nie. Die meeste state is immers ryklik bedeele met natuurlike hulpbronne. Hy wys voorts daarop dat state op die vasteland sedert 1960 reeds ongeveer 600 biljoen VSA-dollar aan buitelandse hulp ontvang het. Volgens Moyo (2009) het die bedrag in 2009 reeds op een triljoen VSA-dollar te staan gekom. Dit is 'n bedrag wat die hulp wat na die Tweede Wêreldoorlog deur die VSA aan die state van Wes-Europa verleen is om hulle in die proses van ekonomiese heropbou en herstel by te staan, grootliks verdwerg. Vir talle state in Afrika vorm buitelandse hulpverlening tans meer as die helfte van die totale jaarlikse regeringsbesteding (Diamond 2007:2).

Dit is interessant om aan te toon dat in navorsing wat deur Djankov, Montalvo en Reunal-Querol (2008:169) onderneem is, hulle bevind het dat ten spyte van die enorme bedrae wat aan buitelandse hulpverlening deur die ontwikkelde state aan die onderontwikkelde state bestee word, daar 'n negatiewe korrelasie bestaan tussen buitelandse hulp en demokratiese konsolidasie in die ontvangerstate. Dit is ook in Afrika die geval. Die rede hiervoor is dat die hulp nie vir ekonomiese ontwikkeling aangewend word nie, maar deur die regimes in die ontvangerstate op korruptiewe wyse gebruik word om hul politieke magposisies te verseker en te versterk. Die gevolg is dat daar dikwels na hierdie verskynsel as die hulpverleningsvloek verwys word.

Teen hierdie agtergrond beskou, is Diamond (2007:2) die mening toegedaan dat Afrika se onvermoë om te demokratiseer primêr geleë is in "die patologie van persoonlike heerskappy". Die algemene term wat gebruik word om hierdie patologiese toestand te beskryf is *neopatrimonialisme*. Die term is reeds gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu geskep en word gebruik om te verwys na 'n organisasievorm waarin verhoudings van 'n patrimoniale aard 'n politieke en administratiewe stelsel wat formeel op regs-rasionele grondslae gekonstrueer is, deurspek. In toenemende mate word die term deesdae gebruik om state in Afrika te beskryf en terselfdertyd te verklaar waarom hierdie state in hul pogings om te demokratiseer en neoliberele markhervormings in werking te stel, grootliks onsuksesvol was (Neopatrimonialism 2011).

In kontemporêre Afrika manifesteer neopatrimonialisme, volgens Diamond (2007:2), soos volg: die formele argitektuur van 'n moderne demokratiese staat – wetgewing wat regeringsoptrede aan bande lê, grondwette, regsoweriniteit, geskrewe en ongeskrewe reëls en gebruike – word gekombineer met die informele realiteit van persoonlike en arbitrêre magsuitoefening en die smee van 'n omvattende stelsel van begunstiger-kliënt-bande wat strek vanaf die grootste “groot man” (die outokratiese president) tot sy hoofluitenante en ander vertrouelinge wat op hul beurt weer optree as begunstigers van magshebbers op laer vlakke. Schraeder (2004:183-5) beskryf neopatrimonialisme as 'n reeks konsentriese sirkels van begunstiger-kliënt-verhoudings waar die leier in die sentrum van die stelsel persoonlik senior regeringsaanstellings doen wat dan op hul beurt weer vertrouelinge op ander vlakke aanstel.

Die leier beklee 'n verhewe posisie in die stelsel en bewerkstellig lojaliteit deur die verskaffing van ekonomiese voordele en politieke beskerming. Die wyse waarop neopatrimonialisme geskied en die vernietigende uitwerking daarvan nie alleen op die demokratiseringsproses nie, maar ook op die ontwikkeling van samelewings regoor Afrika, word deur Diamond (2007:2-3) soos volg opgesom:

- Stelsels van institusionele wigte en teenwigte word (soos gedurende die tydperke van eenpartystelsels en militêre regimes) afgetakel deur wetgewende en regsprekende instellings se magte in te kort of ondergeskik te stel aan die uitvoerende gesag, in besonder die president. (Ondergeskiktheid word gewoonlik bewerkstellig deur vertrouelinge in die wetgewer en die regbank aan te wys.)
- Informele norme is verhewe bo formele reëls en beperkende maatreëls.
- Die reg om te regeer is in 'n persoon gesetel en nie in 'n amp nie.
- Ondergeskiktes is lojaliteit verskuldig aan persoonlike begunstigers en nie aan wetgewing, regulasies en instellings nie.
- Outokratiese presidente en hul vertrouelinge gebruik staatsbronne as 'n persoonlike gerieflikheidsfonds (*slush fund*) om hul dominansie te behou en hul dominansie te verseker.
- Aanstelling in staats- en ander poste op elke vlak dien as 'n vrypas of permit aan die betrokke posbeksleër vir sowel persoonlike verryking as die begunstiging van 'n wyer netwerk van familieledes, etniese verwante, vriende en sakevennote.
- Individuele belange (veral selfverryking en 'n weelderige leefstyl) word as van groter belang geag as die lewering van openbare dienste soos die bou van paaie, die ontwikkeling van markte, die lewering van gesondheidsdienste, effektiewe polisiëring en die ontwikkeling van mensekapitaal.

Dit is belangrik om te meld dat Richard Joseph (Prebendalism 2011) met die konsep *prebendalisme* vorendag gekom het om die korruptiewe praktyk te beskryf waar openbare ampte gebruik word vir die persoonlike voordeel en verryking van die politieke elite en hul vertrouelinge. Sindzingre (2010:3–4) beskou neopatrimonialisme as sinoniem met konsepte soos korrupsie, kliëntelisme, baantjies-vir-boeties-praktyke en beslaglegging (*capture*). Voorts maak sy gewag daarvan dat hierdie tipe stelsels ook as kleptokraties, prebendalisties, kwasistate en roofdierstate beskryf kan word. Prempeh (2007:94) verwys na hierdie praktyk, veral soos dit in Afrika manifesteer, as imperiale presidentskap, terwyl die skrywer Moeletsi

Mbeki die huidige leiers in Afrika as argitekte van armoede bestempel (Pan Macmillan 2009).

Die verskynsel neopatrimonialisme en sogenaamde imperiale presidentskap, asook die korrupsie wat daarmee gepaard gaan, is so prominent en omvangryk in Afrika dat dit talle vrae by navorsers gewek het. Die volgende is van die belangrikste: Op welke wyse het presidente en hul vertrouelinge daarin geslaag om vir lang tydperke aan bewind te bly? Hoe het hulle daarin geslaag om hul persoonlike heersersnetwerke te vorm en in stand te hou? Hoe het hulle daarin geslaag om staatsbronne te plunder sonder om tot verantwoording geroep te word? Hoe het hulle daarin geslaag om uitvoerende dominasie in die regeringsbestuur te vestig en terselfdertyd regsoweriniteit af te takel? Hoe het hulle daarin geslaag om hul swierige en weelderige leefstyle voort te sit terwyl die gewone burgers 'n bestaan in uiterste armoede moes uitkerf? Waarom het die burgers nooit in opstand gekom nie en veral nie die jongste demokratiseringsproses gebruik om die ooglopend uitbuitende en korruptiewe praktyke deur hierdie presidente te beëindig nie?

Ter beantwoording van hierdie vrae is dit belangrik om die Weberiaanse beskouings waarvolgens legitimiteit in "stelsels van dominasie" gevestig word, aan te toon. Die beskouings word soos volg deur Shortell (s.j.) verwoord: Die eerste wyse van legitimiteit geskied deur tradisionele gesag. Tradisionele gesag impliseer 'n inherente, natuurlike of metafisiese kwaliteit wat meebring dat dit nie rasioneel bevraagteken of uitgedaag kan word nie. Dit funksioneer in 'n samelewing met rigiede vorme van sosiale hiërargie as gevolg van die rol wat afkoms, gewoontes en gebruike speel. Tradisionele gesag is voorts gebaseer op lojaliteit aan die leierskap. Mag word uitgeoefen by wyse van bevel deur die leier of leiersgroep. Amptenare is lojaal en voer die bevel nougeset uit. Die gesagslyne is ongespesifiseerd of vaag. Tradisionele gesag tref nie 'n onderskeid tussen privaat en publieke aangeleenthede nie. Taakspeialisasie in die uitoefening van mag is minimaal.

Die tweede vorm is charismatiese gesag en is gebaseer op die persepsie dat 'n bepaalde individu oor buitengewone eienskappe en vermoëns beskik. Die charismatiese leier is gewoonlik die hoof of leier van 'n maatskaplike of politieke beweging. Deur inspirasie, kommunikasie en dwang slaag hierdie individu daarin om 'n sentrale rol in die beweging en die aksie wat daaruit voortvloei, te speel. Dit is veral in krisistye dat die charismatiese leier na vore tree en 'n prominente rol speel. In 'n krisis verloor mense normaalweg vertroue in die bestaande gesagstruktuur, wat dan deur die charismatiese leier uitgebuit word. Omdat dit 'n gepersonaliseerde vorm van gesag is, is dit normaalweg onstabiel. Hierdie vorm van gesag oorleef gewoonlik nie die afsterwe of ondergang van die oorspronklike leier nie. Om volhoubaar te wees moet dit geroetineerd wees. Die charismatiese vorm van gesag word gewoonlik in outoritêre politieke stelsels aangetref.

Die derde vorm van gesag is die regsrasionele vorm van gesag en is gebaseer op 'n stel reëls en die oortuiging dat die proses waarvolgens die reëls neergelê en afgedwing word, legitiem is. Hierdie vorm van gesag word deur die burokrasie geroetineer. Die burokrasie funksioneer onafhanklik van spesifieke individue, omdat gesag gesetel is in ampte en in rolle. Verder word gesag deur die burokrasie uitgeoefen op die grondslag van kennis en ervaring. Die

belangrikheid van die burokrasie is verder daarin geleë dat die persoonlike en die publieke sfere geskei word en hoë vlakke van taakspesialisasie voorkom. Die regsrasionele vorm van gesag word ook gekenmerk deur die skeiding van die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesagstrukture, met die regsprekende gesag as die finale arbiter. Hierdie vorm van gesag vorm die grondslag van alle demokratiese politieke stelsels.

Teen die agtergrond van die voorgaande is dit begryplik waarom die demokratiseringsproses in Afrika waarmee in die negentigerjare begin is, nie meer substantiewe resultate opgelewer het nie. In die meeste state op die vasteland word, ten spyte van die demokratiseringsproses, die regsrasionele vorm van gesag afgetakel en met die charismatiese of gepersonaliseerde vorme van gesag vervang. Dit geskied op verskeie wyses, waaronder die sentralisering van mag, die toepassing van neopatrimonialisme, die aftakeling van skeiding tussen staat en party (wat hier onder bespreek word), en die burokrasie-oligargiese sindroom (BOS) (wat ook hier onder verduidelik word) wat die politiekepartywese in Afrika kenmerk.

Dit is belangrik om daarop te wys dat, soos elders op die vasteland, die voortbestaan van die regsrasionele vorm van gesag ook in toenemende mate in kontemporêre Suid-Afrika bedreig word. Dit is veral die aftakeling van skeiding tussen staat en party en die pogings van die uitvoerende gesag om die regbank se magte in te kort wat as kommerwekkend beskou word. In hierdie verband kan verwys word na president Jacob Zuma se uitspraak gedurende Julie 2011 dat die regbank se magte in Suid-Afrika nie verhewe mag wees bo dié van die regering nie en dat die regering, as verkose liggaam, die alleenmandaat het om beleid te formuleer (Edwards 2011). Gedurende November 2011 het hy hierdie standpunt in die parlement herhaal (Joubert 2011) en gedurende Februarie 2012 selfs aangekondig dat die regering van voorneme is om die uitsprake van die Konstitusionele Hof te hersien, selfs al sou dit die wysiging van die grondwet beteken (October 2012). Aan hierdie en ander voornemens deur die regering is gedurende Maart 2012 formele beslag gegee met die verskyning van 'n beleidsbeprekkingsdokument van die ANC oor die transformasie van die regstelsel binne die raamwerk van 'n ontwikkelingsstaat (RSA. Department of Justice and Constitutional Development 2012).

In sy deurtastende ondersoek na die redes waarom die verskynsel van die imperiale presidentskap, ten spyte van die demokratiseringsinisiatiewe wat in die meeste state plaasgevind het, steeds aan die orde van die dag is, wys Prempeh (2007:97) op die volgende: Eerstens, dat die voortsetting daarvan ten beste verstaan en begryp kan word as in gedagte gehou word dat die demokratisering wat sedert die negentigerjare van die vorige eeu in Afrika plaasgevind het, nie die territoriale verspreiding van mag in enige staat wesenlik verander het nie. Met ander woorde, die strukturele fundamente waarop presidensiële hegemonie in die postkoloniale state gebou was, naamlik die gesentraliseerde unitêre staat, is op generlei wyse deur die demokratiseringsproses verander nie.

Tydens die demokratiseringsproses is, ter wille van “plaaslike patriotisme”, wel voorsiening gemaak vir die vestiging van subnasionale politieke entiteite. Die reg om algemene bevoegdhede uit te oefen het egter steeds by die sentrale regering berus. Prempeh (2007:97) wys daarop dat, met die uitsondering van Nigerië, wat op 'n federale stelsel besluit het, al die

ander demokratiserende state die gesentraliseerde unitêre regeringsvorm behou het. Van magsverspreiding en magsbeteueling op vertikale vlak is daar dus geen sprake nie. Politieke mag is steeds horisontaal versprei of gebalanseer tussen die president as hoof van die sentrale regering en die ander vertakkings daarvan, naamlik die wetgewende en regsprekende instellings. Prempeh (2007:95) beskryf gevolglik die demokratiseringsproses wat die afgelope twee dekades in Afrika plaasgevind het, as oorgang sonder verandering (*transition without change*).

Tweedens kan die verskynsel van die imperiale presidentskap volgens Prempeh (2007:98) verklaar word aan die hand van die besondere verhouding tussen die wetgewende en uitvoerende gesag wat in demokratiserende state in Afrika gestalte gevind het. Terwyl elke demokratiserende staat die uitvoerende presidentskap behou het, het die meeste, met die uitsondering van Nigerië en Liberië, nie 'n suiwer presidensiële regeringsvorm aanvaar nie. Die meerderheid het op 'n hibriede model besluit waar die "pro-uitvoerende" kenmerke van die parlementêre regeringsvorm (ministers wat in die president se kabinet dien, is ook parlamentslede) gekombineer is met die "pro-uitvoerende" eienskappe van die presidensiële stelsel (vetoreg vir die unitêre president, vaste termyn vir die president, en 'n presidensiële kabinet wie se termyn nie deur steun in die parlement bepaal word nie).

Die rede wat volgens Prempeh (2007:98) voorgehou is vir die hibridisering in konstitusionele ontwerp in Afrika tydens die demokratiseringsproses, was die vermyding van konflik of wrywing tussen die president en parlement. Alhoewel die hibriede model in hierdie doel kon geslaag het, het dit nie die president se mag beperk nie, maar in werklikheid tot die versterking daarvan gelei. Eintlik is dit ironies dat talle sogenaamde imperiale presidente in Afrika hul magsposisies juis aan die demokratiseringsproses te danke het.

Verskeie navorsers, onder wie Posner en Young (2007:126–31) en Akech (2011:1–4), neem die standpunt in dat daar wel vordering te bespeur is in die institusionalisering van politieke mag in Afrika gedurende die afgelope aantal jare en dat daar wel beperkings bestaan ten aansien van die mag waaroor die uitvoerende gesag beskik. Nie alle navorsers stem egter hiermee saam nie. Kritici wys daarop dat alhoewel vordering nie ontken kan word nie, neopatrimonialisme, prebendelisme en imperiale presidentskap steeds 'n enorme probleem regoor die vasteland is en dat dit die demokratiseringsproses grootliks ontspoor het. Die siening van Diamond en Plattner (2010:xii) dat die politieke proses in Afrika gekenmerk word deur twee teenstrydige tendense, naamlik demokratiese vooruitgang en demokratiese agteruitgang, is waarskynlik die mees korrekte beskrywing van die ware toedrag van sake. Van ewe groot betekenis is die waarneming deur Bratton en Van de Walle (1997:110) dat die demokratiseringsproses in Afrika dikwels beskryf kan word as een stap vorentoe en twee stappe terug.

Tekenend van sowel die vordering as die agteruitgang is die nuwe grondwette wat opgestel is deur daardie state wat aan die demokratiseringsproses deelgeneem het. Alhoewel hierdie grondwette die bewindstermyne van nie minder nie as 33 presidente beperk het (Prempeh 2007:93), het diesefde grondwette egter nie daarin geslaag om hul mag aan bande te lê nie. Prempeh (2007:94) verwys na hierdie presidente as termynbeperk maar nie getem nie (*term-*

limited but not tamed). Die demokratisering wat tot dusver in Afrika plaasgevind het, kan dus inderdaad as oorgang sonder verandering beskryf word.

Dit is belangrik om te vermeld dat, soos elders in Afrika, magskonsentrasie in die hande van die sentrale uitvoerende gesag ook in kontemporêre Suid-Afrika voorkom. Tydens die onderhandelings oor 'n nuwe grondwet gedurende die vroeë negentigerjare is wel op 'n federale model vir Suid-Afrika besluit, maar dit was 'n gesentraliseerde federasie (wat selfs as 'n gedesentraliseerde unitêre stelsel beskou kan word) waarop uiteindelik ooreengekom is. Ingevolge die besondere model is die magte van die nege provinsies beperk, terwyl uitgebreide magte aan die sentrale regering toegeken is. Verder is ooreengekom op 'n uitvoerende presidentskap, maar dit sou nie 'n volwaardige presidensiële stelsel wees nie. Soos elders in Afrika, is op 'n hibriede model besluit waar die pro-uitvoerende kenmerke van die parlementêre regeringsvorm gekombineer is met die pro-uitvoerende eienskappe van die presidensiële regeringsvorm.

Die sterk magsposisie wat die uitvoerende gesag in Suid-Afrika beklee, kan meebring dat neopatrimonialisme ook hier na vore tree as die kerneienskap van die politieke proses, ten spyte van die bestaan van die formele argitektuur van 'n moderne demokratiese staat.

Uit die volgende behoort dit duidelik te blyk dat Suid-Afrika nie gevrywaar is van die gevare wat in die “patologie van persoonlike heerskappy” skuil nie:

- Die verskynsel van 'n “soustrein” ('n situasie waarin 'n persoon of 'n groep mense sonder meriete beloon word), wat reeds 'n bekende en voldonge feit is.
- Die aandrang van president Zuma dat die regering oor die alleenmandaat moet beskik om oor beleid te besluit en dat die regbank geen seggenskap daarvoor het nie.
- Die publikasie van beleidsbesprekingsdokumente deur die ANC waarin wysigings aan die bestaande stelsel van magskeiding (hersiening van die regstelsel en in besonder die Konstitusionele Hof se uitsprake) en magsdeling (hersiening van die provinsiale regeringstelsel) in die vooruitsig gestel word (News24 2012).
- Die bestaan van die Drieparty-alliansie as die dominante party.
- Die aftakeling van skeiding tussen staat en regerende party (wat hier onder bespreek word).
- Die regerende party se dominasie van die wetgewende gesag by wyse van die kiesstelsel van proporsionele verteenwoordiging volgens die lysmetode en weiering om dit aan te pas of te verander.
- Die regerende party se beleid van regstellende aksie, kaderontplooiing en swart ekonomiese bemagtiging.
- Die regerende party se sekurokrisering van die staat deur die militarisering van die polisiemag, die rolveranderinge van die intelligensie-instellings en selfs die oorweging van voorstelle vir die herinstelling van 'n nasionale veiligheidsraad (Duvenhage 2011).
- Die regerende party se verbintenis tot die vestiging van 'n “nasionale demokratiese samelewing” by wyse van 'n “nasionale demokratiese revolusie” (NDR, oftewel *national democratic revolution*). ('n Verbintenis deur die ANC tot 'n nuwe fase in die NDR is gedurende Februarie 2012 opnuut bevestig (ANC 2012)).

Verder moet in gedagte gehou word dat die ANC-regering van voorneme is om ook met ingrypende maatreëls vorendag te kom ter regulering van die vrye vloei van inligting, ondanks die bestaan van spraakvryheid en die erkenning daarvan in 'n konstitusioneel-gesanksioneerde Handves van Regte en Vryhede. Eerstens kan verwys word na die voorneme om 'n mediatribunaal ten aansien van die gedrukte media in die lewe te roep (Du Plessis 2012). Tweedens is daar die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting ingevolge waarvan die uitvoerende gesag die mag sal hê om die bekendmaking deur die media van inligting wat die veiligheid van die staat (party?) bedreig, te verbied (soos korrupsie wat reeds besig is om sistemiese afmetings aan te neem). Teen die agtergrond van bogemelde praktyke en voornemens verskyn die spook van neopatrimonialisme in geen onduidelike gestalte nie op die Suid-Afrikaanse politieke toneel.

In 'n belangwekkende artikel wat gedurende Oktober 2011 verskyn het en die moontlike gevare hier bo genoem onderstreep, wys Gumede (2011) daarop dat Suid-Afrika reeds 'n ernstige probleem in die gesig staar deurdat dit deur twee teenstrydige regeringstelsels geregeer word. Aan die een kant is daar die amptelike regeringstelsel: die grondwet onderskraag deur 'n duidelike demokratiese verwysingsraamwerk. Aan die ander kant is daar die ANC se nie-amptelike regeringstelsel: die party se bevrydingsideologie-raamwerk, wat veronderstel is om ook deur 'n demokratiese waardestelsel gerugsteun te wees, maar in die praktyk nie gebeur nie. Volgens Gumede is dit egter nie die geval nie, want die ANC se nie-amptelike regering- en waardestelsel is grootliks deur magsug en eiebelang verrot, maar word desnieteenstaande deur die party as verhewe bo die grondwet, die regbank en ander waghondinstellings beskou. In die praktyk beteken dit dus dat die ANC-leier en die leierskap as geheel, gemeet aan die norme van die grondwet, as uiters korrup beskou kan word, maar nie volgens die nie-amptelike regeringstelsel en bevrydingsideologie-raamwerk nie.

2.2 Die versuim deur politieke partye om as demokratiseringsagente op te tree

Dit word deur politieke wetenskaplikes aanvaar dat die sukses van sowel 'n gevestigde demokrasie as enige demokratiseringsproses in 'n staat beslissend bepaal sal word deur die aard, ingesteldheid, houding en ideologiese oriëntasie van sowel die politieke party aan bewind as die partye in opposisie. Hamdok (2007:51- 58) en Salih en Nordlund (2007:19-20) beklemtoon dat die sukses van 'n demokratiseringsproses grootliks bepaal sal word deur die wyse waarop die politieke partye en hul leiers daarin slaag om demokrasie nie alleen te institusionaliseer nie, maar ook te ontwikkel, te verdiep en te konsolideer. Matlosa (2007:7) verklaar sonder meer dat 'n politieke stelsel sonder kompeterende politieke partye nie as demokraties beskou kan word nie. Kortom: politieke partye is die voertuie van 'n demokratiese politieke stelsel (Mahler 1995:57).

Politieke wetenskaplikes en navorsers (Heywood 2002:252-5; Mahler 1995:146-7; Matlosa 2007:21-2) som die funksies van politieke partye in 'n demokratiese politieke bestel soos volg op:

- Die selektering en ondersteuning van kandidate vir openbare ampte.
- Die seleksie van programme vir regeringsoptrede.

- Die opvoeding van die kieserspubliek in die fundamentele uitgangspunte en beginsels van demokratiese regering.
- Die organisering en die bedryf van die regeringsfunksie deur die party of koalisie van partye wat as die oorwinnaar in 'n verkiesing aangewys word.
- Die toesig oor en monitering van die wyse waarop die regeringsfunksie georganiseer en bedryf word deur die partye wat die verkiesing verloor het.
- Die organisering en motivering van die openbare amptenary om as 'n eenheid in belang van die burgersy saam te werk.
- Die eliminasië van plaaslike en streeksverskille ten einde die openbare mening sodanig te vorm dat daar slegs op kwessies gekonsentreer kan word wat vir die burgersy as geheel van belang is.
- Nasiebou, veral in ontwikkelende en demokratiserende state.

Wanneer ondersoek ingestel word na die vraag of politieke partye in kontemporêre Afrika daarin geslaag het om bogemelde funksies ten uitvoer te bring en as demokratiseringsagente gedurende die derde golf van demokrasie op te tree, kom 'n somber prent na vore. Volgens Hamdok (2007:58) het politieke partye in die meeste state nie daarin geslaag om die nodige vertroue en respek by die burgersy te vestig nie en gevolglik nie meegehelp om die demokratiseringsproses tot wasdom te bring nie. Die twee vernaamste probleme tot dusver was die feit dat die meeste politieke partye slegs daarop ingestel was om hul eie besondere belange na te streef en nie daarin geslaag het om 'n betekenisvolle rol in die kritieke periodes tussen verkiesings te speel nie.

'n Verdere rede waarom politieke partye in Afrika nie daarin geslaag het om as suksesvolle demokratiseringsagente op te tree nie, is die feit dat talle partye wat aan die demokratiese verkiesings deelgeneem het, nie werklik as demokraties beskou kan word nie en nie die vestiging van 'n demokratiese orde ten doel gehad het nie. Dit is bekend dat die talle revolusionêre en linkervleuelpartye in Afrika wat hul in dominante posisies ná bewindsaanvaarding bevind het, agendas nagestreef het wat slegs daarop gemik was om staatsmag te bekom en daarna die oogmerke van 'n charismatiese individu of 'n klein elite-groep te bevorder.

Vir die talle partye wat hul beslag spesifiek binne die bevrydingsideologie-raamwerk gekry het, was en is die verkryging van 'n permanente magsgreep op die samelewing of die vestiging van 'n bepaalde ideologie of die ekonomiese en maatskaplike transformasie van die samelewing van oorheersende belang. Ten einde hierdie doelwitte te bereik was hierdie partye nie alleen bereid om hul toevlug tot geweld en intimidasie te neem nie, maar, soos Gumede (2011) hier bo ten aansien van die ANC in Suid-Afrika aangetoon het, ook bereid om 'n onderhandelde demokratiese grondwet as van sekondêre belang te beskou en 'n nuwe regering- en waardestelsel te aanvaar, nieteenstaande die feit dat dit op magsug, korrupsie en eiebelang geskoei was.

Volgens die navorser Matlosa (2007:25) is die burokrasies-oligargiese sindroom (BOS) 'n belangrike faktor wat die effektiewe funksionering van politieke partye regoor Afrika belemmer. Hy beskou die BOS as die achilleshiel van politieke partye in Afrika en grootliks daarvoor verantwoordelik dat hulle as demokratiseringsagente nie suksesvol is nie. Die

besondere verskynsel word soos volg deur hom opgesom: Nadat politieke partye gevorm is, ontwikkel elkeen normaalweg in burokratiese organisasies met 'n bepaalde struktuur en hiërargie wat die vloeï van inligting en die neem van besluite binne die party reguleer. Binne die Afrika-konteks is dit egter opvallend dat daar in hierdie burokratiese ontwikkelingsproses 'n gelyktydige in- en uitsluitingsproses plaasvind. Volgens Matlosa (2007:25) is dit 'n uiters komplekse en dinamiese proses, maar lei uiteindelik daartoe dat mag in die hande van 'n klein groepie binne die party gesentreer word. 'n Verdere uitwerking van die magkonsentrasie binne die party is die vervreemding van die breë ondersteuningsbasis en die ontstaan van 'n persoonlikheidskultus waar die leier as sinoniem met die party en die party as sinoniem met die leier beskou word. Die finale stap is waar die partyleier in 'n oligarg ontaard met onbeperkte mag om oor partybeleid, ideologiese rigting en bestuursaangeleenthede te besluit. Die twee tendense, naamlik hiperburokatisering en oligargiese politiek, kombineer in talryke simptome binne die groter probleem wat as die BOS gedefinieer word.

Die navorser Hamdok (2007:57) toon aan dat die meeste politieke partye in Afrika met 'n demokratiese tekort (*democratic deficit*) te kampe het. Die demokratiese tekort word veroorsaak deurdat die partye nie oor voldoende hulpbronne beskik nie, in wese ondemokraties is en nie die beginsel van verantwoording aan hul lede onderskryf nie. Benewens bogemelde tekort identifiseer Hamdok (2007:55–8) ook die volgende belangrike gebreke en swakhede wat die vermoë van politieke partye in Afrika om as demokratiseringsagente op te tree, aan bande lê:

- Die gebrek aan politieke programme en koherente beleidsrigtings.
- Die gebrek aan openheid betreffende finansiering.
- Die kapasiteitstekort in die leierskap.
- Die ontoereikendheid van 'n regsraamwerk om die effektiewe funksionering van politieke partye as demokratiseringsagente te verseker.
- Die kondonering van korrupsie en vermorsing.
- Die versuim om aan vroue en minderheidsgroepe verteenwoordiging te verleen.
- Die swak wisselwerking tussen politieke partye en die burgerlike samelewing as mededeelnemers aan die regeerproses.
- Die negatiewe rol wat finansiële gewin in die hernuwing van leierskap en die seleksie van kandidate speel.
- Die werwing van lede op 'n etniese, streeks- of taalgrondslag.
- Die gebrek aan interne demokrasie betreffende die seleksie van kandidate, die wedywering om leierskap, gereelde lidmaatskapkonvensies, en interne reëls om die leierskap te dissiplineer en tot verantwoording te roep.
- Meningsverskilbestuur (*dissent management*) op 'n wyse wat outokrasie in die hand werk deurdat lede wat van partybeleid verskil, die swye opgelê, gemuilband of uitgeskop word.
- Die gebruik van leiersposisies vir selfbevoordeling.
- Die toepassing van die beginsel van seleksie eerder as eleksie.
- Gesentraliseerde beheer deur die leierskap ten aansien van die nominasie van kandidate.

In omvattende navorsing oor politieke partye in Afrika het Salih en Nordlund (2007) bevind dat partye regoor die vasteland broos (*fragile*) is en dat die vooruitsigte vir ware demokratiese konsolidasie van staat tot staat wissel (2007:21–2). Hulle voer die volgende redes aan ter motivering van hul proposisie:

- Die meeste politieke partye is steeds direk of indirek afhanklik van die gebruik of misbruik van staatsbronne.
- Die partye aan bewind is nie outonoom nie en dit is onmoontlik om te bepaal waar die grense van die party eindig en waar die grense van die staat begin. (Hierdie aspek word hier onder verder bespreek.)
- Die privaatsektor in Afrika is te onbeduidend om die totstandbrenging van 'n lewenskragtige burgerlike samelewing en 'n nie-politiese middelklas wat outonoom van die staat kan funksioneer, te ondersteun.
- Die swakheid van die privaatsektor dra ook daartoe by dat koalisievorming tussen die instellings in die burgerlike samelewing en politieke partye nie kan plaasvind nie.
- Politieke partye beskou die oorname van die staat (*state capture*) ten einde die bronne en personeel daarvan te bekom en te beheer as 'n manier om die elite te verryk. Die partypolitiek word dus 'n middel tot 'n doel en nie 'n proses om die openbare belang te dien nie.
- Politieke partye is volhoubaar slegs op elite-vlak, aangesien die elite daarsonder nie toegang tot die hulpbronne van die staat het nie.
- Politieke partye se beleidsrigtings is meestal gebaseer op etniese en streekslojaliteite en nie op ideologie en deurdagte programme nie.
- Die swakheid van opposisiepartye en die onvermoë van hul leiers verhoed dat hulle 'n behoorlike toesigrol oor die regering vervul. Hierdie partye is grootliks daarvoor te blameer dat politici en amptenare wat hulle aan wanbestuur en korrupsie skuldig maak, skotvry daarvan afkom en bydra tot 'n toestand waar “demokrasieë sonder demokrate” gevestig word.

Teen die agtergrond van bostaande is dit duidelik dat die meerderheid politieke partye in Afrika tot dusver nie daarin kon slaag om as effektiewe agente in die demokratiseringsproses op te tree nie. In die lig van die negatiewe uitwerking wat neopatrimonialisme boonop op die effektiewe funksionering van partye het, tesame met die wydverspreide intimidasie en geweld waaraan die meeste partye hul tydens verkiesingsveldtogte skuldig maak, wil dit voorkom asof politieke partye in Afrika, ook wat die afsienbare toekoms betref, nie hul primêre demokratiese funksies doeltreffend sal uitvoer nie. Die onvermoë van politieke partye in Afrika om as demokratiseringsagente op te tree word hier onder verder bespreek wanneer die gebrek aan skeiding tussen staat en regerende party aan die orde gestel word.

2.3 Die begrensing van mediavryheid deur die politieke elite onder die dekmantel van veiligheid, ontwikkeling of openbare belang

Die kwaliteit en beskikbaarheid van inligting in 'n samelewing word allerweë as van kritieke belang vir die suksesvolle funksionering van 'n demokratiese politieke bestel beskou. Die vrye media wat hieraan beslag moet gee, word inderdaad as die suurstof van 'n demokrasie beskou. In postkoloniale Afrika het hierdie oortuiging egter nie altyd by die politieke

leierskap en die burgery inslag gevind nie. Die outoritêre regerings wat spoedig na onafhanklikheid aan bewind gekom het, sou geen steen onaangeraak laat in hul strewe om spraak- en inligtingsvryheid aan bande te lê nie. Die burgery het van hul kant oor die algemeen weinig weerstand gebied en in die meeste gevalle die optrede van die leierskap verduur of gelate aanvaar.

Die professionele mediapersoneel wat die outokratiese leiers teengestaan het, is dikwels met die dood gedreig of vermoor. Een van die groot ironieë van die kontemporêre geskiedenis van Afrika is die feit dat die media wat die bevrydingsideaal so kragdadig gepropageer het, die eerste slagoffers sou wees om na onafhanklikheidswording genuilband of uitgeskakel te word. Ontwikkelings- en veiligheidsoorwegings, of bloot die openbare belang, het deurgaans primêr gefigureer as redes wat deur die outoritêre leiers aangevoer is om die drastiese en drakoniese optrede teen die media te regverdig.

Teen die einde van die tagtigerjare van die vorige eeu het daar egter regeer Afrika 'n versagting ingetree in die wyse waarop regerings die media hanteer het. Namate die derde demokratiese golf oor Afrika gespoel het, het regerings hulle oor 'n breë front verbind tot demokratisering en saam daarmee die beskerming van burgerregte en -vryhede, waaronder spraak- en mediavryheid. Die onafhanklikheid en vryheid van die media het selfs in die grondwette van talle demokratiserende state gestalte gevind. Die nuwe benadering het egter nie lank geduur nie. Namate die praktyk van neopatrimonialisme op die vasteland gestalte begin kry het, is opnuut begin om die vryheid van die media deur middel van sensuur- en ander maatreëls te beperk. Dit wat met die een hand gegee is, is met die ander hand terug geneem.

Soos in die verlede het veiligheids- en ontwikkelingsoorwegings, of bloot die openbare belang, prominent gefigureer in “imperiale presidente” se argumente waarom mediavryheid ingekort moes word. Selfs in gevalle waar private media-instellings toegelaat is om voort te bestaan, is 'n verskeidenheid maatreëls in werking gestel om beheer daarvoor uit te oefen. Hierdie maatreëls het onder meer die volgende ingesluit: regeringsinmenging in die verspreiding van koerante en tydskrifte; die vorming van koerantgroepe deur regerings self; en die gebruik van regters wat gewillig sou wees om uitspraak te lewer teen joernaliste en publikasies met 'n kritiese ingesteldheid jeens die regering.

In hul kommentaar op die rol wat media-instellings gespeel het in die demokratiseringsproses in kontemporêre Afrika, wys Daniels (2011) en Fleshman (2005) daarop dat daar talle liggame en verklarings bestaan om demokratiese regering en deursigtigheid by wyse van mediavryheid te vestig. Hieronder resorteer die Pan-Afrika Parlement; die Windhoek-verklaring oor die Bevordering van Onafhanklike en Pluralistiese Media; die Banjul-verklaring van Beginsels oor Vryheid van Uitdrukking in Afrika; en die NEPAD-verklaring oor Demokrasie. Wanneer egter ondersoek ingestel word na die vraag of al hierdie liggame en verklarings enige verskil gemaak het ten aansien van mediavryheid in Afrika, kom 'n somber prentjie na vore. Volgens Daniels (2011) was daar in 2010 meer as 400 joernaliste in Afrika wat hulself as bannelinge in ander state bevind het.

In 'n verslag deur die Federation of African Journalists vir 2010 word 'n soortgelyke prent geskilder. In die verslag wat in die besonder oor persvryheid in Afrika handel, word aangetoon dat in 2010 12 joernaliste in sluipmoorde omgekrom het, vyf in ongelukke gesterf het, en 34 tronkstraf opgelê is, terwyl honderde aangeval, geïntimideer en gedreig is. Volgens die verslag het die aantal alarmseine (*alerts*) wat in 2010 ontvang is, toegeneem met 43% vergeleke met 2009 (Federation of African Journalists (FAJ) 2010:1–3).

Die stand van mediavryheid in Afrika word waarskynlik ten beste aangedui deur die befaamde Amerikaanse instelling Freedom House (2010) se verslag van 2010 oor die stand van persvryheid in die wêreld. Hierdie instelling het bevind dat daar in hierdie jaar in SSA slegs vyf state (10%) was wat in terme van persvryheid as Vry beskou kon word. 'n Verdere 22 state (46%) was as Gedeeltelik Vry beskou, terwyl 21 state (44%) as Nie Vry Nie beskou is.

Dit is belangrik om te meld dat selfs in Suid-Afrika, wat as een van die mees demokratiese state op die Afrika-vasteland beskou word, en waar vryheid van spraak konstitusioneel in 'n Handves van Regte en Vryhede gewaarborg word, wetgewing deur die ANC-regering geïnisieer is om mediavryheid aan bande te lê. Ook in hierdie geval word die veiligheid van die staat aangevoer as rede waarom dié drastiese maatreël deur die regering nodig sou wees. Die opposisiepartye en ander instellings in die burgerlike samelewing beskou hierdie wetgewing egter in presies die teenoorgestelde lig en beslis nie in die openbare belang nie, aangesien dit die blootlegging van korrupsie deur die regering, wat reeds sistemiese afmetings aangeneem het, kan verhinder. Die betrokke wetgewing is steeds onder oorweging na 'n uitgerekte en meedoënlose veldtog daarteen deur die media en instellings in die burgerlike samelewing, soos die Right2Know Campaign (Mail&Guardianonline 2011).

2.4 Die aftakeling deur die politieke elite van skeiding tussen staat en regerende party

In elke demokratiese veelpartystelsel is dit van die allergrootste belang dat die beginsel van skeiding tussen die staat en regerende party nougeset toegepas word. Indien dit nie gebeur nie, bestaan die moontlikheid dat die staatsadministrasie nie alleen deur die regerende party by wyse van die ontplooiing van ondersteuners gedomineer word nie, maar dat die openbare bronne en openbare eiendom op willekeurige wyse deur die party tot sy eie voordeel en tot nadeel van die partye in opposisie en die breë samelewing aangewend kan word.

In die meeste demokratiserende state in Afrika word die beginsel van skeiding tussen staat en bewindhebbende party nie nougeset toegepas nie. Hier bo is reeds aangetoon dat, volgens Salih en Nordlund (2007:21), in die meeste state in Afrika dit moeilik is om vas te stel waar die grense van die party eindig en die grense van die staat begin. Navorsers wat dié besondere verskynsel bestudeer het, het bevind dat die oorsaak daarvan hoofsaaklik geleë is in die wydverspreide voorkoms van partystelsels waar een politieke party 'n dominante posisie beklee (dominante- party-stelsels). Bogaards (2004) beweer selfs dat hierdie tipe partystelsel die dominante verskynsel is in state waar veelpartyverkiesings plaasgevind het sedert daar met die demokratiseringsproses in die negentigerjare begin is. Terwyl die betrokke

partystelsels nie as eenpartystelsels beskou word nie, is die nadelige uitwerking daarvan op 'n demokratiseringsproses geensins van geringe aard nie.

In hul deurtastende navorsing oor politieke partye en partystelsels in Afrika het Salih en Nordlund (2007:51) die nadele wat voortvloei uit die bestaan van dominante-party-stelsels vir 'n demokratiese bestel soos volg opgesom: Eerstens het dominante-party-stelsels 'n belemmerende uitwerking op politieke kompetisie deurdat dit apatie bewerkstellig en gevolglik lae stempersentasies tot gevolg het. Tweedens domineer dominante partye die wetgewende proses en monopoliseer wetmaking tot hul eie voordeel. Derdens is regerings wat in dominante-party-stelsels gevorm word, geneig om minder verantwoordbaar te wees aan die wetgewende gesag wat deur hulle gedomineer word. Vierdens is die opposisieparty in dominante-party-stelsels te klein om effektief te wees. Laastens moedig dominante-party-stelsels regeringslui en die amptenary aan om die arrogansie van mag te ontwikkel en gevolglik onverskillig te staan teenoor die eise en behoeftes van die burgers.

Brooks (2004) sluit hierby aan en wys daarop dat dominante-party-stelsels geneig is om die openbare mening te ignoreer, die beginsel van verantwoordbaarheid oorboord te gooi, demokratiese beginsels te versaak en in outoritarisme te verval.

Die rede waarom dominante partye daartoe geneig is om die demokratiese beginsel van skeiding tussen staat en party af te takel en te verbreek, is volgens Heywood (2002:263) dat wanneer gereelde regeringswisselings nie plaasvind nie, daar 'n geleidelike maar skadelike proses van politisering intree wat uiteindelik daartoe lei dat staatsamptenare en staatsinstellings begin om aan te pas by die ideologie en politieke prioriteite van die dominante party ('n proses wat vergemaklik word deur die feit dat die dominante party normaalweg ondersteuners in die burokratiese strukture ontplooi). Die leiers van die dominante party begin op hul beurt weer om die party as deel van die staatsmasjinerie te beskou. Bogaards (2004:192) stem hiermee saam en wys daarop dat dominante partye normaalweg begin om van binne te degenerer en dominante outoritêre partye of hegemoniese partye te word.

Dieselfde prosesse wat hier bo deur Heywood en Bogaards beskryf is, asook die arrogansie van mag waarna Salih en Nordlund verwys, is in kontemporêre Suid-Afrika waarneembaar waar die Drieparty-alliansie as dominante party getipeer kan word. In 'n dokument getiteld *Implementing the African Peer Review Mechanism (APRM) – Views from Civil Society* is die staat-party-verhouding in Suid-Afrika die swakste gradering wat bestaan, naamlik rooi, toegeken. Die gradering is gedurende Junie 2011 vrygestel deur die APRM Monitoring Project (AMP) (2011:31–5) aan die Afrika Parlement. Die AMP is 'n projek wat gesamentlik bedryf word deur die Instituut vir Internasionale Aangeleenthede, die Sentrum vir Beleidstudies en die Africa Governance, Monitoring and Advocacy Project.

Die AMP (2011:31-35) het rooi graderings in drie kategorieë aan Suid-Afrika toegeken, naamlik party-staat-skeiding en -verhoudings; kaderontplooiing en politisering van instellings; en regulering van private befondsing vir politieke partye. 'n Rooi gradering beteken dat daar in Suid-Afrika geen of baie min vordering gemaak is om die kwessies te

hanteer en dat dit wil voorkom asof die regering nie van voorneme is om dit in die nabye toekoms te hanteer nie.

Die gebrek aan skeiding tussen staat en party in Afrika kan ook verklaar word aan die hand van die uitgangspunte van verskillende tipes politieke partye wat in state aan bewind is. In die lig daarvan dat die meeste politieke partye in Afrika hul beslag binne die raamwerk van die bevrydingsideologie gekry het, kan hulle as revolusionêre of linksgesinde partye getipeer word. Vir hierdie partye is die vestiging van 'n demokratiese bestel dikwels van min of geen belang nie en word die betrokke owerheidsvorm eerder gesien as 'n struikelblok wat die vestiging van 'n bepaalde ideologie belemmer.

Die onderskeidende kenmerk van linksgesinde partye is, volgens Heywood (2002:251) se opsomming, die feit dat sodanige partye verbind is tot die radikale verandering van die maatskaplike orde en die inwerkingstelling van 'n sosialistiese of kommunistiese ekonomiese stelsel. In hierdie tipe ekonomiese stelsels is daar weinig sprake van demokrasie, aangesien die regering mag sentraliseer en op haas elke lewensterrein voorskriftelik optree.

Revolusionêre partye is selfs meer ekstrem en is, volgens Heywood (2002:251) se opsomming, antisisteam- en onkonstitusionele partye. Hierdie partye se primêre oogmerk is om staatsmag te bekom en die bestaande konstitusionele struktuur omver te werp deur metodes wat wissel van die stoking van opstande, populêre revolusies en kwasiwettige optrede. Wanneer sodanige partye aan bewind kom, vorm hulle regime-partye wat alle opposisie aktief probeer elimineer en 'n hegte en permanente verhouding met die staatsmasjinerie vestig. Die belangrike demokratiese en konstitusionele onderskeid tussen staat en party word dermate afgetakel dat die regering en die party onafskeidbaar word en uiteindelik as 'n "partystaat" beskryf kan word.

Bostaande inaggenome is dit duidelik dat die uitgangspunte van die politieke partye wat in Afrika aan bewind is, nie alleen die gebrek aan skeiding tussen staat en party verklaar nie, maar ook lig werp op waarom die proses van demokratiese konsolidasie nie met meer betekenisvolle sukses begroet is nie.

Die rede waarom die toepassing van hierdie besondere beginsel ook in Suid-Afrika in gevaar verkeer, kan insgelyks verklaar word deur die feit dat al drie partye wat in die regerende Drieparty-alliansie betrek is, nie alleen die dominante party vorm nie, maar ook as revolusionêre en linksgesinde partye getipeer kan word. Sowel die Congress of South African Trade Unions (COSATU) as die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is op uitdruklike wyse verbind tot linkse ideologieë soos sosialisme en kommunisme, terwyl die ANC die realisering van 'n "nasionale demokratiese samelewing" by wyse van 'n nasionale demokratiese revolusie (NDR) as strategiese doelwit stel. Gedurende Februarie 2012 het die ANC hom opnuut tot die NDR verbind met die vrystelling van 'n besprekingsdokument oor die "tweede oorgang" of tweede fase daarvan (ANC 2012). In die dokument word selfs ingrypende wysigings aan die grondwet in die vooruitsig gestel ten einde die ekonomiese en maatskaplike transformasie wat die NDR vereis, teweeg te bring.

3. Die makrostrukturele faktore

3.1 Die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling

Volgens politieke wetenskaplikes is daar weinig vraagstukke wat so intensief bestudeer is as die verband tussen sosio-ekonomiese ontwikkeling en politieke demokrasie. Die vrae waarop antwoorde gesoek is, was veral die volgende: Is arm state minder demokraties as ryk state? Indien wel, waarom is dit die geval en hoe kan dit verklaar word? Een van die politieke wetenskaplikes wat reeds gedurende die sewentigerjare van die vorige eeu met 'n hipotese vorendag gekom het, was Robert Dahl (1971). Volgens hom is 'n demokratiese politieke bestel meer waarskynlik in state met hoë geletterdheids- en opvoedkundige vlakke, oop kommunikasiestelsels, pluralistiese samelewings en die redelik gelyke verspreiding van welvaart.

Wucherphennig en Deutsch (2009) het hul dit ten doel gestel om afdoende antwoorde op hierdie tergende vrae te verkry deur die bestaande teoretiese argumente en empiriese getuienis ten aansien van moderniseringsteorie te bestudeer en te ontleed. Die werkswyse wat hulle gevolg het, was die volgende:

- Om die oorspronklike tesis van Lipset, naamlik hoe meer welvarend 'n staat, hoe groter die kans dat dit demokrasie suksesvol sal kan onderhou, te ontleed en te evalueer.
- Om die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing wat gedurende die afgelope dekades plaasgevind het ten aansien van moderniseringsteorie te bestudeer, sowel as die mees invloedryke kommentaar en kritiek daarop te ontleed.
- Om die meer resente ontwikkelings ten aansien van die navorsing oor sosio-ekonomiese ontwikkeling en demokrasie te analiseer. In hierdie verband is hoofsaaklik gekonsentreer op die invloedryke en heftig gedebatteerde bydraes van Przeworski en Limongi in hul werk oor moderniseringsfeite en -teorieë.
- Om die resente navorsing van wetenskaplikes soos Boix oor demokrasie en redistribusie; Acemoglu en Robinson oor die ekonomiese oorsprong van diktatuur en demokrasie; en Inglehart en Welzel oor modernisasie, kulturele verandering en demokrasie te ontleed.

Die gevolgtrekking waartoe Wucherphennig en Deutsch (2009) gekom het in hul analise van bestaande navorsing, was dat die noue verwantskap tussen sosio-ekonomiese ontwikkeling en demokrasie nie bevraagteken word nie. Op die keper beskou bevestig alle navorsing die feit dat demokrasie en demokratisering nie op 'n lukrake of toevallige wyse ontstaan nie, maar “van binne af” geskied. Dit kom dus daarop neer dat, op stuk van sake, dit die sosio-ekonomiese toestande binne 'n staat is wat die stabiliteit en volhoubaarheid van 'n demokratiese orde bepaal en nie andersom nie.

Wanneer ondersoek ingestel word na die werklike stand van sosio-ekonomiese ontwikkeling in Afrika ten einde 'n aanduiding te kry van die stand van die demokratiseringsproses, kom 'n donker prent na vore. Die vasteland, met 'n bevolking van meer as een biljoen mense

(Population Reference Bureau 2011), kan met enkele uitsonderings gekategoriseer word as onderontwikkeld en deurtrek van armoede. In etlike streke en in talle samelewings is selfs uiterste armoede aan die orde van die dag. Volgens Salih en Nordlund (2007:35) is Afrika die armste vasteland in die wêreld. Hulle verwys na die volgende:

- Oor die afgelope drie dekades was daar geen toename in inkomste vir die inwoners van Afrika nie.
- Bykans die helfte van Afrika se inwoners leef in uiterste armoede.
- Armoede in Afrika is besig om toe te neem in sowel absolute terme as persentasie van die bevolking, terwyl die teenoorgestelde in die ander ontwikkelende streke van die wêreld gebeur.
- Die ongelyke verspreiding van inkomste is die hoogste in Afrika (veral SSA) vergeleke met ander streke in die wêreld.
- Oor die afgelope dekade het die Menseontwikkelingsindeks (MOI) van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP) in SSA in 'n vryval verkeer vanweë die verwoestende wisselwerking tussen ekonomiese stagnering, stadige vordering met die verskaffing van onderwys en die verspreiding van MIV/VIGS. Dit het gebeur ondanks die feit dat die betrokke indeks in alle ander ontwikkelende streke gestyg het. Die grootste dalings het in Suider-Afrika plaasgevind – 35 posisies ten opsigte van Suid-Afrika, 23 posisies ten opsigte van Zimbabwe en 21 posisies ten opsigte van Botswana.

Gegewens wat deur Diamond (2007:1) verstrek word, dui daarop dat in 2007 nie minder nie as 23 van die armste state in die wêreld in Afrika was; dat slegs twee state op die vasteland nie onder die onderste derde van die Verenigde Nasies (VN) se MOI geressorteer het nie; dat die lewensverwagting in Afrika 'n skrale 46 jaar is, terwyl die syfer vir Suid-Asië op 64 jaar staan; dat die helfte van Afrika se inwoners nie toegang tot skoon water het nie; dat 30% van die inwoners ondervoed is en dat 10% van kinders voor die ouderdom van een jaar sterf en 17% voor die ouderdom van vyf jaar.

Die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling in Afrika en die armoede wat daarmee gepaard gaan, word waarskynlik ten beste geïllustreer deur statistiek wat deur die World Hunger Education Service (2012) in 2012 verstrek is. Volgens hierdie instelling ressorteer 50,9% van die inwoners van SSA tans onder die 1,25 VSA-dollar-per-dag-armoedeklassifikasie.

Verskeie sienings bestaan oor die oorsake van die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling in Afrika en waarom die vasteland die enigste is wat die afgelope 25 jaar verarm het, terwyl dit nie in die res van die onderontwikkelde wêreld gebeur het nie. Die ekonoom Jeffrey Sachs (2004:131) is die mening toegedaan dat die volgende vyf strukturele faktore as oorsaaklik beskou kan word: hoë vervoerkostes en klein markgroottes; lae-produktiwiteit-landbou; 'n hoë siektelas; ongunstige geopolitiek; en die trae diffusie van buitekontinentale tegnologie na Afrika.

Die navorser Paul Collier (2007:20-24), verbonde aan die Universiteit van Oxford se Sentrum vir die Studie van Afrika-ekonomieë, wys die vasteland se mislukking om die afgelope aantal dekades ekonomiese groei te bewerkstellig en armoede te bekamp aan die fisiese en menslike

geografie van die vasteland wat in ongunstige interaksie met mekaar verkeer. Volgens Collier (2007:20-24) het die interaksie tussen Afrika se fisiese en menslike geografie die volgende drie ekonomiese ontwikkelingsdilemmas tot gevolg: Eerstens is daar die problematiek verbonde aan die bestaan van state wat ryklik bedeed is met hulpbronne maar wat gekniehalter word deur etnies diverse samelewings. Tweedens is daar die state wat swak bedeed is met hulpbronne en ook gekniehalter word deur klein diverse bevolkings. Derdens is daar state met stadig-groeiende ekonomieë en wat ook gekniehalter word deur klein diverse bevolkings.

Mahler (1995:60-5) identifiseer 'n hele reeks faktore wat daarvoor verantwoordelik is dat onderontwikkelde state nie daarin slaag om op ekonomiese en maatskaplike gebied vordering te maak nie. In hierdie verband verwys hy na hoë bevolkingsgroei, ongelyke bevolkingsverspreiding, swak lewenskwaliteit (veral weens wanvoeding en siekte), lae opvoedingsvlakke, landbougebaseerde ekonomieë, lae vlakke van industrialisasie, lae indiensname, beperkte handel met ontwikkelde state en 'n hoë nasionale skuldlas. Toegepas op Afrika, kan die negatiewe uitwerking van hierdie faktore op sosio-ekonomiese ontwikkeling in haas elke staat op die vasteland waargeneem word.

Gedurende 2009 het Handley, Higgins en Sharma (2009:2-10) in 'n verslag vir die Oorsee Ontwikkelingsinstituut in Londen die sosio-ekonomiese en politieke-ekonomiese faktore geïdentifiseer wat daarvoor verantwoordelik is dat armoede en onderontwikkeling in spesifiek SSA hoogty vier. Betreffende die sosio-ekonomiese faktore is die hoë risiko en kwesbaarheid van inwoners, die gereelde mislukking van oeste, mislukking en vlugtigheid van markte, konflik, swak gesondheidsdienste, en gebrekkige onderwys en bestaansmoontlikhede as die belangrikste drywers geïdentifiseer. Die politieke-ekonomiese faktore het ingesluit die politiek van nie-ontwikkeling (politieke stelsels wat transformasionele verandering verhinder); hoë vlakke van korrupsie; swak nasies en swak state (vanweë koloniale grensafbakening); swak burgerlike samelewings; miskennings van menseregte; en die hulpbronnvloek.

Alhoewel daar na alle waarskynlikheid nie eenstemmigheid bereik sal word oor die presiese redes wat aangevoer kan word waarom Afrika die armste vasteland in die wêreld is nie, is Diamond (2007:2) die mening toegedaan dat, soos hier bo aangetoon, “die patologie van persoonlike heerskappy” die enkele aspek is wat op die mees prominente wyse figureer in alle politieke, ekonomiese en maatskaplike probleme wat Afrika sedert dekolonisasie ondervind het. Lewis (2007:67) is 'n soortgelyke mening toegedaan en verklaar dat dit moeilik is om in Afrika nie die noue verband tussen nedemokratiese regering en ekonomiese mislukking raak te sien nie. Volgens hom word staatsfondse sonder meer aangewend om die ondersteuningsbasis van regimes in stand te hou. Verder tree die regimes as “hekwagters” op vir toegang tot hulpbronne, werks- en markgeleenthede. Die gevolge hiervan is onvermydelik ekonomiese stagnasie, herhaalde fiskale krisisse en die verdieping van armoede.

Lewis (2007:68) erken dat enkele demokratiserende state wel makro-ekonomiese hervormings gekonsolideer het en dat dit groei in sekere streke bewerkstellig het. Hy beklemtoon egter terselfdertyd dat terwyl hierdie nuwe benaderings die fondament vir beter

prestasie gelê het, die groei nie ten volle daaraan toegeskryf kan word nie. 'n Deel van die oplewing is teweeggebring deur hoër kommoditeitspryse en nuwe bronne van investering, veral China.

In die meeste state waar hervormings aangebring is, het die verhoogde ekonomiese groei egter nie gepaard gegaan met groter populêre welvaart nie. Volgens Lewis (2007:68) is Suid-Afrika, Nigerië, Ghana en Tanzanië voorbeelde waar ekonomiese groei weliswaar bewerkstellig is, maar dat dit nie welvaart vir die gewone burgers geskep het nie. Hy verwys na hierdie wanverband (*disconnect*) tussen makro-ekonomiese indikatore en mikro-ekonomiese prestasie as die paradoks van groei sonder welvaartskepping.

Aangesien Lewis na Suid-Afrika as voorbeeld verwys, kan gemeld word dat die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert 1993 tot en met die uitbreek van die wêreldwye ekonomiese krisis in 2008 vir 62 kwartale ononderbroke groei getoon het (SouthAfrica.info 2011). Ten spyte van hierdie uitgerekte periode van ekonomiese groei wys Gouws (2011) egter daarop dat 35% van alle Suid-Afrikaners onder die armoedegrens leef. Die rykste 10% van die inwoners verdien 53% van die inkomste en die rykste 20% kry 70% daarvan. Die armste 10% van die bevolking kry 0,57% van die inkomste, terwyl die armste 20% slegs 1,6% daarvan kry. Dit beteken dat Suid-Afrika, ten spyte van 'n relatief lang periode van ekonomiese groei, steeds die mees ongelyke staat in die wêreld is ten aansien van die verdeling van inkomste.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling in veral SSA voortduur niesteenstaande omvangryke ontwikkelingstrategieë en -planne deur die internasionale gemeenskap en state in Afrika self. In hul verslag aan die Oorseele Ontwikkelingsinstituut in 2009 gee Handley e.a. (2009) 'n oorsig van die verskillende groei- en ontwikkelingsinisiatiewe vir Afrika wat die afgelope dekades die lig gesien het. Eerstens is daar die armoedegerigte planne en programme, wat insluit die Strukturele-aanpassingsprogramme (SAP's) en Armoedeverminderingstrategieë (PRS's) van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank, die Millennium-Ontwikkelingsdoelwitte (MDG's) neergelê deur die Verenigde Nasies (VN), asook die programme vir kapasiteitsbou, armoede-bekamping, sosiale beskerming, insluiting en bemagtiging. Tweedens is daar die groeigerigte programme wat insluit planne vir handelsuitbreiding, verhoogde investering, nywerheids- en infrastruktuurontwikkeling. Derdens is daar die planne vir die hervorming van buitelandse hulpverlening. Laastens is daar die planne en programme wat spesifiek deur state in Afrika geïnisieer is, soos die NEPAD (New Economic Plan for Africa's Development), die APRM (Africa Peer Review Mechanism), die Kimberley-proses en die Extractive Industries Transparency Initiative (EITI).

Dat die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling, ten spyte van 'n omvangryke stel strategieë en planne vir groei en armoedeverligting, 'n enorme probleem vir demokratiese konsolidasie regoor Afrika skeep, sal gereedlik besef word, veral as in gedagte gehou word dat die burgers, omdat hul lewensomstandighede nie verbeter het nie, vertroue in die demokratiseringsproses kan verloor en sodoende die weg baan vir imperiale presidente en populistiese aktiviste om hul magsgreep op samelewings te behou en te versterk. Die eise van

die ANC Jeugliga in Suid-Afrika vir die eietydse ekonomiese bevryding van die armes en 'n omvangryke program van nasionalisering van strategiese bedrywe (ANC Youth League 2011) is 'n goeie voorbeeld van die wyse waarop armoede vir korttermyn politieke magsoorwegings uitgebuit kan word.

3.2 Die voorkoms van konflik en geweld in samelewings

Ingevolge die demokratiese vredesteorie (Democratic Peace Theory 2010) voer demokratiese state nie oorlog teen mekaar nie en is hierdie state ook wat hul interne politieke prosesse aanbetref meer vreedsaam as niedemokratiese stelsels. Die uitgangspunt wat hierdie besondere beskouing ten grondslag lê, is dat demokratiese regerings meer vreedsaam is omdat hulle oor groter legitimiteit beskik; meer verantwoordbaar is aan hul burgers; meer akkommoderend is vir die pluraliteit van samelewings; en meer verdraagsaam is vir uiteenlopende sienings.

Alhoewel bogemelde uitgangspunte wye aanvaarding geniet, het die demokratiseringsproses waarmee in die negentigerjare van die vorige eeu in Afrika begin is, die hoogs plofbare aard van die demokratiserende state op die vasteland blootgelê. Ter illustrasie wys Diamond (2007:2) daarop dat twee derdes van die state waarheen die Verenigde Nasies (VN) tussen 1998 en 2007 vredesbewaringsmagte gestuur het, in Afrika geleë was en dat 70 persent van die 70 000 VN-vredesbewaringstroepes wat vanaf 2007 ontplooi is, in Afrika diens gedoen het.

Volgens Handley e.a. (2009:3) was Afrika in 2006, met slegs 13% van die wêreld se bevolking, verantwoordelik vir 40% van alle gewelddadige konflikte. In dieselfde jaar het meer as drie miljoen inwoners van state op die vasteland 'n heenkome elders as vlugtelinge gesoek.

Strydig met die teorie van demokratiese vrede het die demokratiseringsproses dus nie tot vreedsame samelewings in Afrika gelei nie. Inteendeel, alles dui daarop dat die vryhede wat die demokratiseringsproses meegebring het, eerder tot konflik en geweld bygedra het. Navorsing deur Bekoe (2007:29) toon aan dat van die 19 state in Afrika wat tussen 2000 en 2005 aktiewe konflik ondervind het, 13 op daardie stadium as “nominaal demokraties” getipeer was. In agt state het die konflik selfs geëskaleer tot burgeroorlog. Die navorser Naison Ngoma (2004), verbonde aan die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS), sluit hom hierby aan en wys daarop dat die demokratiseringsproses waarmee na die Koue Oorlog in Afrika begin is, nie tot 'n afname in die aantal staatsgrepe gelei het nie. Data wat versamel is vir die tydperk 1995 tot 2001, dui daarop dat daar gedurende hierdie periode trouens 'n toename in staatsgrepe op die vasteland was.

Ter verklaring van hierdie anomalie het Bekoe (2007:29) antwoorde op die volgende vrae probeer soek: Onder welke toestande kan demokratisering tot politieke geweld lei? Onder welke toestande hou demokratisering en demokratiseringsmeganismes die belofte van vrede in? Kan nuut-demokratiserende state politieke geweld vermy? In haar navorsing het sy tot die gevolgtrekking gekom dat alhoewel dit inderdaad aanvaar kan word dat stabiele demokrasieë

uiteindelik meer vreedzaam is, die weg daarheen nie altyd vreedzaam is nie. Dit is dus nodig om 'n onderskeid te tref tussen nuut-demokratiserende stelsels en geïnstitusionele gekonsolideerde demokrasieë. Volgens Bekoe (2007:29) veroorsaak die demokratiseringsproses konflik en geweld om presies dieselfde redes as waarvoor dit geloof word 'n metode te wees vir die voorkoming daarvan: terwyl gevestigde demokrasieë uiteenlopende politieke sienings toelaat, sonder die gevaar van 'n gewelddadige teenreaksie (*backlash*), beskik nuut-demokratiserende state nie oor die institusionele sterkte om dit toe te laat nie. Nog minder beskik sodanige state oor die verdraagsaamheid om 'n gewelddadige teenreaksie te temper.

Ter verdere verduideliking van waarom konflik en geweld in nuut-demokratiserende stelsels gedy, wys Bekoe (2007:29–31) ook op die volgende:

- Demokratiserende politieke stelsels is meer geneig tot geweld omdat die instellings wat konflik moet hanteer, swak is.
- Demokratiserende politieke stelsels vind dit problematies om opponerende groeperings wat noodwendig na vore sal tree, te hanteer.
- Politieke koalisië in demokratiserende politieke stelsels is onstabiel omdat 'n tradisie van kompromiesluiting afwesig is.
- Demokratiserende politieke stelsels ondervind probleme om die groot verskeidenheid belangegroepes wat op die toneel verskyn, te akkommodeer.
- Demokratisering is uitermate problematies in etnies-diverse samelewings.
- Demokratisering is haas onmoontlik in gesentraliseerde politieke stelsels.
- Regeerders in demokratiserende stelsels wat tot die gevolgtrekking kom dat hul magsbasis deur demokratisering bedreig word, kan tot geweld oorgaan ten einde steun te behou.

Inagnemende die feit dat bogemelde toestande in die meeste state in Afrika teenwoordig is, of kan ontstaan, is dit begryplik waarom die demokratiseringsproses waarmee in die negentigerjare van die vorige eeu begin is, nie 'n einde aan konflik en geweld in talle state teweeg gebring het nie. Demokratisering het in plaas daarvan om konflik en geweld te verminder eerder daartoe bygedra. Voeg hierby die talle ander samelewings- en strukturele faktore wat die demokratiseringsproses tot dusver gekortwiek het, en die moontlikheid dat die ganse proses in talle state uiteindelik in die slag kan bly, kan nie uitgesluit word nie.

3.3 Die verdelende invloed van etnisiteit op samelewings

Etnisiteit is, volgens Heywood (2002:168), die sentiment van lojaliteit jeens 'n onderskeidende bevolking, kulturele groep of selfs 'n bepaalde grondgebied. Volgens hom is die begrip baie gekompliseerd, omdat dit sowel rasse- as kulturele elemente omsluit. Die lede van 'n etniese groep word dikwels as afstammelingen van gemeenskaplike voorouers beskou en op grond daarvan as 'n uitgebreide familie wat deur bloedverwantskap gebind word, geag. Die mees algemene siening is egter dat etnisiteit 'n vorm van kulturele identiteit is, maar wat op 'n intens emosionele vlak uitspeel en ervaar word. Terwyl 'n etniese kultuur bepaalde waardes, tradisies en gebruike omsluit, is die belangrikheid van etnisiteit daarin geleë dat dit

aan 'n groep mense 'n gemeenskaplike identiteit verskaf en hul van ander onderskei op grond van oorsprong en afkoms.

Heywood (2002:168) wys verder daarop dat terwyl sommige waarnemers nasies as uitgebreide etniese groepe beskou, ander die standpunt huldig dat etniese groepe 'n eksklusiwiteit vertoon ('n persoon kan nie by 'n etniese groep aansluit nie) wat nie by nasies bespeurbaar is nie. In die algemeen is nasies meer inklusief en polities gedefinieerd. "Etniese nasionalisme" verwys bloot na 'n vorm van nasionalisme wat primêr aangevuur word deur 'n sterk ontwikkelde gevoel van etniese eiesoortigheid of onderskeibaarheid en 'n ewe sterk begeerte om dit te bewaar.

Wanneer die moderne politieke landskap van die Afrika-vasteland bestudeer word, is die mees opvallende eienskap die diversiteit van die bevolkings ten aansien van etnisiteit. Schraeder (2004:101) is die mening toegedaan dat daar in Afrika etlike duisende etniese groeperings onderskei kan word, elk met sy eie waardes, tradisies en gebruike. In Nigerië alleen is daar meer as 250 etniese groepe, in Kenia meer as 40 en in Tanzanië meer as 60 (Opondo s.j.). Hierbenewens is elke etniese groep in Afrika onderverdeel in subgroeperings. Die individuele subgroeperings, wat op verwantskap gebaseer is, kan hul afkoms eeue terugvoer tot 'n spesifieke stigterspersoon, -familie of -dinastie.

Ten spyte daarvan dat etnisiteit 'n opvallende eienskap in haas elke samelewing in Afrika is, is gedurende die koloniale era weinig betekenis en oorweging daaraan verleen. Ook met die verlening van onafhanklikheid het etnisiteit selde 'n rol gespeel in die regeringstrukture wat deur die koloniale moondhede gevestig is. Die volgende kan as die belangrikste redes aangevoer word waarom sowel die koloniale heersers as die plaaslike leierskader nie groter oorweging in die dekolonisasieproses aan hierdie belangrike faktor verleen het nie: Eerstens was daar die oortuiging by die koloniale moondhede sowel as moderniseringsteoretici van daardie era dat etnisiteit sou verdwyn namate die nuwe state in Afrika die weg van verstedeliking, modernisering en ontwikkeling betree. Tweedens was daar die siening by sowel Westerse leiers as leiers in Afrika dat die nasionale ontwaking wat reeds gedurende die koloniale era posgevat het, na dekolonisasie 'n einde aan etniese verdelings binne state sou meebring. Derdens het leiers in Afrika in die besonder die standpunt gehuldig dat die verdwyning van etnisiteit aangehelp sou word deur 'n vorm van integrasionistiese nasionalisme, naamlik Pan-Afrikanisme, te verkondig, te propageer en te institusionaliseer (Schraeder 2004:102).

Gelei deur hierdie oortuigings het leiers in Afrika etnisiteit doelbewus probeer besweer deur daarna te verwys as 'n retrogressiewe krag wat van agterlikheid getuig en dus nie in moderne samelewings tuishoort nie. Verder is daar op unitêre regeringstelsels besluit in die verwagting dat sterk sentrale regerings daartoe sou meehelp dat etnisiteit as 'n middelpuntvliedende krag in samelewings uitgeskakel sou word.

Anders as wat die verwagting was, het etnisiteit egter nie verdwyn nie, maar as 'n uiters potente en dinamiese krag na vore getree en politieke ontwikkelings regoor die vasteland beïnvloed. Selfs die vorming van 'n Pan-Afrikanistiese instelling, die Organisasie vir Eenheid

in Afrika gedurende 1963, die totstandkoming van outoritêre regeringsvorme en ekonomiese integrasie op 'n streeksgrondslag in Noord-, Wes-, Oos-, Sentraal- en Suidelike Afrika, kon nie die uitwerking van die etniese faktor neutraliseer nie.

In uitgebreide navorsing oor politieke partye in Afrika wys Salih en Nordlund (2007:26) daarop dat interetniese verhoudings in samelewings 'n aspek van besondere belang is en gevolglik dikwels verpolitiseer word. Soms word hierdie verhoudings versterk deur, en gekombineer met, ewe diverse linguïstiese, godsdienstige en regionale klowings en vyandigheid. Dit is veral die wydverspreide gebruik van etniese mobilisasie vir die stigting van politieke partye, verkiesingsveldtogte, of patrimoniale doeleindes wat, wanneer gekombineer met ekonomiese ongelykheid en ongelyke toegang tot politieke mag, as 'n bron van uitgerekte konflik en onstabiliteit dien.

Ake (1993:1) het reeds gedurende die vroeë negentigerjare van die vorige eeu probeer om 'n afdoende antwoord te vind betreffende die kwelvraag of etnisiteit oor genoegsame destruktiewe potensiaal beskik om die demokratiseringsproses in Afrika te laat ontspoor. Die gevolgtrekking waartoe hy gekom het, was dat alhoewel etnisiteit in Afrika nie as inherent problematies ten aansien van demokratisering beskou kan word nie, dit nietemin so 'n prominente faktor in elke samelewing is dat dit nie geïgnoreer darf word nie. Ake (1993:13) het die prominensie van etnisiteit in Afrika-samelewings toegeskryf aan die feit dat alhoewel dit 'n sosiale konstruksie is, dit 'n lewende teenwoordigheid in elke persoon se lewe is. Dit vorm, volgens hom, 'n belangrike deel van wat elke persoon in Afrika in sy diepste wese is.

Rawlinson (2003:1) huldig die siening dat verpolitiseerde etniese verhoudings en etniese mobilisasie nie alleen die hoofbron van konflik in Afrika sedert onafhanklikheidwording was nie, maar ook die vernaamste struikelblok in die weg van sosio-ekonomiese ontwikkeling (en demokratisering) is. Die volgende is van die belangrikste gevolgtrekkings waartoe hy gekom het: Eerstens dat kompetisie oor die beheer van die staat primêr deur etniese kwessies oorheers word. Tweedens dat die bewerkstelling van nasionale samehorigheid deur die instrumentele gebruik van etnisiteit verhoed word. Derdens dat die blaam vir die voorkoms van antagonisme tussen etniese groepe in samelewings sonder meer op die elite geplaas kan word.

En laastens dat etniese mobilisasie in samelewings slegs verminder kan word deur die verantwoordelike optrede van die elite (Rawlinson 2003:1-6).

Die demokratiseringsproses waartoe talle state in Afrika hul sedert die begin van die negentigerjare van die vorige eeu verbind het, kon insgelyks nie die problematiek inherent aan etnisiteit in die politieke en maatskaplike transformasie van samelewings uitskakel nie. Volgens Schraeder (2004:106-10) het etniese konflik drie belangrike uitkomstes tot gevolg gehad: Eerstens was dit verantwoordelik vir die vorming van etnies-geïnspireerde opposisiebewegings en guerrilla-insurgensies. Tweedens het gegriefde etniese groeperings oorgegaan tot die stigting van separatistiese bewegings. Die derde en mees ekstreme vorm van etniese konflik was volksmoord (die sistematiese uitwissing van een etniese groep deur 'n ander).

In enkele gevalle het etniese konflik sodanige afmetings aangeneem dat leiers genoodsaak was om hul toevlug tot die radikale verdeling van state te neem. Die jongste voorbeeld in hierdie verband is die onafhanklikheid wat gedurende Julie 2011 aan Suid-Soedan verleen is.

In hul navorsing ten aansien van die onderwerp wys Opondo (s.j.) en Salih en Nordlund (2007:22) daarop dat die politieke disintegratiewe potensiaal van etnisiteit in die nuut-demokratiserende state in Afrika treffend geïllustreer word deur die feit dat politieke partye, met enkele uitsonderings, regoor die vasteland nie op ideologiese grondslae of deurdagte beleidsprogramme gevorm word nie, maar op die basis van etnisiteit. In Nigerië is die verskynsel een van die uitstaande kenmerke van daardie samelewing (Theen en Wilson 1996:498–9).

4. Samevatting

Met die verval van Marxistiese-Leninistiese outoritarisme aan die einde van die tagtigerjare van die vorige eeu het die demokratiese owerheidsvorm wêreldwyd as die onbetwiste oorwinnaar na vore getree. In die nuwe internasionale orde wat na hierdie gebeure tot stand gekom het, het talle state regoor die wêreld die outoritêre juk afgewerp en die oorgang na demokrasie gemaak. State in Afrika het insgelyks hierna met 'n demokratiseringsproses van ongekende omvang begin. Anders as in die meeste ander wêrelddele het die proses egter nie glad verloop nie. Na twee dekades word uit die 54 state op die vasteland slegs die klein eilandstaat Mauritius, met 'n bevolking van 1,2 miljoen mense, as 'n volwaardige demokrasie beskou. 'n Verdere nege state, waaronder Suid-Afrika, word as vrye state maar gebrekkige demokrasieë getipeer. Die res is in wisselende mate steeds vasgevang in die greep van outoritarisme. Kortom: vir die burgers in die meeste state in Afrika is die demokratiese ideaal van regering van die mense, deur die mense en vir die mense steeds nie 'n werklikheid nie.

Samevattend kan die politieke-kultuur-, politieke–elite-keuse- en makrostrukturele faktore wat daarvoor verantwoordelik is dat die demokratiseringsproses waarmee sedert die vroeë negentigerjare van die vorige eeu in Afrika begin is, nie baie suksesvol was nie, soos volg opgesom word:

- Die teenwoordigheid van 'n onderworpe politieke kultuur in kombinasie met parogiale politieke oriëntasies, wat meebring dat beduidende gedeeltes van samelewings, onder meer as gevolg van die proses van demokratisering van ontmagtiging, passief, afsydig of sinies jeens die politieke proses staan.
- Die bestaan van onderontwikkelde en ongeorganiseerde burgerlike samelewings, asook 'n gebrek aan 'n niepolitiese middelklas wat outonoom kan optree en sodoende private belange kan beskerm en 'n wakende oog oor regerings kan hou.
- Die konsentrasie van mag in die hande van die uitvoerende gesag en as gevolg daarvan die wydverspreide voorkoms van neopatrimonialisme, prebendelisme en imperiale presidentskappe.
- Die versuim van die politieke partye om as demokratiseringsagente op te tree vanweë die feit dat meeste van hierdie instellings aan die burokraties-oligargiese

sindroom (BOS) ly; slegs op elite-vlak volhoubaar is; op etniese en streekslojaliteite gebaseer is; en staatsmag wil bekom met die uitsluitlike doel om beheer oor die staat se personeel en hulpbronne te verkry en daarna vir eie gewin aan te wend.

- Die begrensing van mediavryheid deur die meeste regerings onder die valse voorwendsel dat sodanige optrede in die openbare belang is of noodsaaklik is om die samelewing se veiligheid te verseker of versnelde sosio-ekonomiese ontwikkeling te bewerkstellig.
- Die aftakeling van skeiding tussen staat en party as gevolg van die wydverspreide vorming van dominante-party-stelsels en die uitgangspunte wat deur talle revolusionêre en linksgesinde partye gehuldig word.
- Die lae vlak van sosio-ekonomiese ontwikkeling, wat meebring dat Afrika die enigste vasteland is wat die afgelope 25 jaar verarm het en waar slegs twee state nie onder die onderste derde van die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP) se Menseontwikkelingsindeks (MOI) ressorteer nie.
- Die voorkoms van konflik en geweld, en saam daarmee die feit dat demokratiserende state in Afrika nie oor die institusionele sterkte beskik om die uitdrukking van opponerende beskouings toe te laat of die verdraagsaamheid het om gewelddadige teenreaksies te temper nie.
- Die hardnekkige voorkoms van etnisiteit en die destruktiewe konflik, onstabiliteit en verdeeldheid wat dit in tradisionele en demokratiserende samelewings veroorsaak.

Ten slotte kan dit gestel word dat die toekomsvooruitsigte vir demokratisering in Afrika swak is. Soos Herbst (2007:65) tereg opgemerk het, is die “laaghangende vrugte” in Afrika reeds gepluk en hy voorsien nie dat die oorblywende vrugte maklik bekombaar sal wees nie. Tans is die “Arabiese Lente” noord van die Sahara die enigste ligpunt in die demokratiseringsproses op die vasteland, alhoewel dit nie bekend is welke seisoen op die lente sal volg nie. Wat wel bekend is, is dat suid van die Sahara die demokratiese winter in talle state in ongenade voortduur.

Bibliografie

Ake, C. 1993. What is the problem of ethnicity in Africa? (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Akech, M. 2011. Constraining government power in Africa. *Journal of Democracy*, 22(1). (2 Maart 2012 geraadpleeg).

Almond, G. en S. Verba. 1989. Civic culture. Political attitudes and democracy in five nations. Newbury Park, Kalifornië: SAGE Publications. (19 Februarie 2012 geraadpleeg).

ANC. 2012. The second transition? Building a national democratic society and the balance of forces in 2012. (14 Maart 2012 geraadpleeg).

ANC Youth League. 2011. A clarion call to economic freedom fighters: Programme of action for economic freedom in our lifetime. Final document for the 24th ANC Youth League National Congress, April 2011. (29 Oktober 2011 geraadpleeg).

AMP (APRM Monitoring Project). 2011. Implementing the APRM. Views from civil society. South Africa Report. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Barkan, J.D. 2009. Advancing democratization in Africa. (14 September 2011 geraadpleeg).

Bekoe, D.A. 2007. Democracy and African conflicts: Inciting, mitigating, or reducing violence? *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Center for Democratic Development. 4-6 October. Under the auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Bogaards, M. 2004. Counting parties and identifying dominant party systems in Africa. *European Journal of Political Research*, 43. (18 Februarie 2012 geraadpleeg).

Bratton, M. 1994. Civil society and political transition in Africa. *Institute for Development Research (IDR) Reports*, 2(6). (26 September 2011 geraadpleeg).

Bratton, M. en N. van de Walle. 1997. *Democratic experiments in Africa. Regime transitions in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press. (5 Maart 2012 geraadpleeg).

Brooks, H. 2004. The dominant party system: Challenges for South Africa's second decade of democracy. EISA Occasional Paper 24, Oktober. (18 Februarie 2012 geraadpleeg).

Collier, P. 2007. Growth strategies for Africa. Centre for the Study of African Economics, Oxford University. (21 September 2011 geraadpleeg).

Dahl, R.A. 1984. *Modern political analysis*. 4de Uitgawe. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

Daniels, G. 2011. Nothing new about "national security" being used as a muzzle. Mail&Guardianonline, 18 Maart. (19 September 2011 geraadpleeg).

Democratic Peace Theory. 2010. RationalWiki.
http://rationalwiki.org/wiki/Democratic_Peace_Theory (23 Oktober 2011 geraadpleeg).

Diamond, L. 1997. Civil society and the development of democracy. (19 September 2011 geraadpleeg).

—. 2007. The state of democracy in Africa. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6 October. Under the auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Diamond L. en M.F. Plattner (reds.). 2010. *Democratization in Africa. Progress and retreat*. Baltimore: Johns Hopkins University Press. (2 Maart 2012 geraadpleeg).

- Djankov, S., J.G. Montalvo en M. Reynal-Querol. 2008. The curse of aid. (11 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Du Plessis, C. 2012. ANC's media tribunal: Parliament may have oversight. *City Press*, 31 Januarie. (8 Maart 2012 geraadpleeg).
- Duvenhage, A. 2011. Politieke perspektief op die jaar 2012. *Volksblad*, 30 Desember. News24. (19 Mei 2012 geraadpleeg).
- Economist Intelligence Unit. 2011. Democracy index 2011. Democracy under stress. (27 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Edwards, G. 2011. Howe juis daar om regering in toom te hou – Zille. *Beeld*, 12 Julie.(20 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Federation of African Journalists (FAJ). 2010. Press freedom in Africa. (10 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Fleshman, M. 2005. Africa's media pushes for more freedom. *Africa Renewal*, 19(2).(27 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Freedom House. 2010. Press freedom in 2010: Signs of change amid repression.(8 Maart 2012 geraadpleeg).
- Gouws, A. 2011. Protes al wat oorbly as rykes soveel ontvang. *Die Burger*, 30 Oktober. (31 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Gumede, W. 2010. South Africa: Building a democratic political culture. *African Files*. <http://www.africanfiles.org/article.asp?ID=22657> (13 September 2011 geraadpleeg).
- . 2011. SA se twee stelsels van regering. *Rapport*, 22 Oktober. (23 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Hamdok, A.H. 2007. Political parties in Africa: Challenges for democratic governance. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6 October. Under the auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).
- Handley, G., K. Higgins en B. Sharma. 2009. Poverty and poverty reduction in Sub-Saharan Africa: An overview of key issues. Overseas Development Institute. (17 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Heywood, A. 2002. *Politics*. 2de Uitgawe. New York: Palgrave Macmillan.
- Herbst, J. 2007. The institutionalization of democracy in Africa. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6

October. Under the auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Joubert, J. 2011. Nét kabinet moet beleid bepaal – Zuma. *Die Burger*, 2 November. (2 November 2011 geraadpleeg).

Kotzé, H.J. en J.J. van Wyk. 1986. Oppergesag van die reg / Rule of law. *Politieke konsepte*. Eerste uitgawe. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Labuschagne, P. 2003. Revisiting civil society in Africa. African Studies Association of Australasia and the Pacific. Conference Proceedings. (18 September 2011 geraadpleeg).

Leon, T. 2010. The state of liberal democracy in Africa. Resurgence or retreat? CATO Institute. Washington. Center for Global Liberty and Prosperity. (21 Oktober 2011 geraadpleeg).

Lewis, P. 2007. Growth without prosperity: Democracy, poverty and inequality in Africa. *Democratisation in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development. 4-6 October. Under the Auspices of the US National Intelligence Council. (25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Lowenthal, D. 1972. Montesquieu. In Strauss en Cropsey (reds.) 1972.

Mahler, G.S. 1995. *Comparative politics. An institutional and cross-national approach*. 2de Uitgawe. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Mail&Guardianonline. 2011. Secrecy Bill withdrawal a victory for civil society and media.(31 Oktober 2011 geraadpleeg).

Matlosa, K. 2003. Political culture and democratic governance in Southern Africa. *African Journal of Political Science*, 8(1). (26 Februarie 2012 geraadpleeg)

—. 2007. Political parties in Southern Africa: The state of parties and their role in democratization. Stockholm: International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA). (16 September 2011 geraadpleeg).

Moyo, D. 2009. Why foreign aid is hurting Africa. *The Wall Street Journal*. 22 Maart.(21 September 2011 geraadpleeg).

Neopatrimonialism. 2011.(14 September 2011 geraadpleeg).

News24. 2012. ANC releases policy documents. 5 Maart 2012. (7 Maart 2012 geraadpleeg).

Ngoma, N. 2004. Coups and coup attempts in Africa. Is there a missing link? *African Security Review*, 13(3). <http://www.iss.co.za/pubs/asr/13No3/ENgoma.htm> (23 Februarie 2012 geraadpleeg).

October, A. 2012. Zuma vs die regbank. *Beeld*, 13 Februarie. <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Zuma-vs-die-regbank-20120213>

(14 Februarie 2012 geraadpleeg).

—. 2012. Grondwet verander? *Beeld*, 28 Februarie. <http://www.beeld.com/Suid-Afrika/Nuus/Grondwet-verander-20120228> (29 Februarie 2012 geraadpleeg).

Opondo, A. s.j. Ethnicity: A cause of political instability in Africa? (27 September 2011 geraadpleeg).

Pan Macmillan. 2009. Architects of poverty: Why Africa's capitalism needs changing. (15 September 2011 geraadpleeg).

Politicsweb. 2011. Mo Ibrahim Index 2011: How South Africa did. (11 Oktober 2011 geraadpleeg).

Population Reference Bureau. 2011. The world at 7 billion. World Population Data Sheet. (1 Maart 2012 geraadpleeg).

Posner, D.N. en D.J. Young. 2007. The institutionalization of political power in Africa. *Journal of Democracy*, 18(3). (10 Oktober 2011 geraadpleeg).

Prebendalism. 2011. <http://en.wikipedia.org/wiki/Prebendalism> (19 Februarie 2012 geraadpleeg).

Prempeh, A. K. 2007. The persistence of "imperial presidency" in Africa's emerging democracies. *Democratization in Africa: What progress toward institutionalization?* Ghana Centre for Democratic Development, 4-6 October. Under the Auspices of the US National Intelligence Council.

(25 Oktober 2011 geraadpleeg).

Rawlinson. A. 2003. The political manipulation of ethnicity in Africa. (27 September 2011 geraadpleeg).

RSA. Department of Justice and Constitutional Development. 2012. Discussion document on the transformation of the judicial system and the role of the judiciary in the South African developmental state. (7 Maart 2012 geraadpleeg).

Sachs, J.D. 2004. Ending Africa's poverty trap. Columbia University and UN Millenium Project. (19 September 2011 geraadpleeg).

Salih, M.A.M. en P. Nordlund, 2007. Political parties in Africa: Challenges for sustained multiparty democracy. Stockholm: International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA).

(16 September 2011 geraadpleeg).

Schraeder, P.J. (red.). 2004. *African politics and society. A mosaic in transformation*. 2de Uitgawe. Belmont: Wadsworth/Thomson.

Shortell, T. s.j. Weber's theory of social class.

<http://www.brooklyn soc.org/courses/43.1/weber.html> (5 Maart 2012 geraadpleeg).

Sindzingre, A. 2010. The concept of neopatrimonialism: Divergences and convergences with development economics. Hamburg: German Institute of Global and Area Studies. (16 September 2011 geraadpleeg).

Sklar, R.L. 2004. Study of Africa in the critical tradition. In Schraeder (red.) 2004.

SouthAfrica.info 2011. South Africa: economy overview.

<http://www.southafrica.info/business/economy/econoverview.htm> (31 Oktober 2011 geraadpleeg).

Strauss, L. en J. Cropsey (reds.). 1972. *History of political philosophy*. Chicago: Rand McNally & Company.

Then, R.H.W. en F.L. Wilson. 1996. *Comparative politics. An introduction to seven countries*. 3de Uitgawe. New Jersey: Prentice- Hall.

World Hunger Education Service. 2012. 2012 World hunger and poverty facts and statistics. (1 Maart 2012 geraadpleeg).

Wucherphennig, J. en F. Deutsch. 2009. Modernization and democracy: Theories and evidence revisited. *Living Reviews in Democracy*, 1. (17 Februarie 2012 geraadpleeg).

Young, M.C. 2004. Study of Africa in the liberal tradition. In Schraeder (red.) 2004.